Pectora roborant cultus recti

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT
UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE SR

Jaargang XXXIII Nr. 4 PRYS 10c

DONDERDAG, 5 April, 1979

# SR WIL STELLENBOSCH TOETS OOR ASB



*Die Staatspresident, Sy Edele mnr. B.J. Vorster, hou die inwydingstoespraak van die Danie Craven-stadion Saterdag op Stellenbosch. Mnr. Vorster het met sy Matie-kleurbaadjie aan voorspel dat die Maties die Intervarsity teen die Tukkies gaan wen.*

DIE ASB-probleem het weer sy kop op Stellenbosch uitgesteek en beloof om nog 'n witwarm debat op die kampus te ontketen.

Daar heers 'n sterk gevoel binne die SR dat, in die lig van die veranderde situasie sedert disaffiliasie tien jaar gelede, en die plekmaak deur die ou stelsel van sentrum-affiliasie vir 'n nuwe manier van affiliasie, daar ernstig aandag aan dié nuwe wyse van affiliasie geskenk moet word. **Die nuwe stelsel berus daarop dat persone wat wil *disaffilieer*, dit skriftelik by die SR moet doen. Daar heers ook 'n sterk gevoel binne die SR vir die regverdige verteenwoordiging van die groot aantal studente, al is dit 'n minderheidsgroep, wat ten gunst[illegible] affiliasie i[illegible] behoort ook op SR-vlak verteenwoordiging te geniet.**

### KOMITEE

Die SR het die hele aangeleentheid na die Komitee vir Politieke Studies verwys. Enkele komiteelede het hulle téén enige vorm van affiliasie uitgespreek, maar die bevindinge van die komitee as geheel is meer positief. Die bevindinge kom daarop neer dat a) die ASB 'n ingrypende verandering t.o.v. affiliasie ondergaan, b) die begrip "Christelik-Nasionaal" onthef is van sy enge interpretasie, c) die ASB sy rol toenemend sien as dié van 'n "dinkskrum", eerder as 'n laertrekorganisasie, d) al hoe meer klem gelê word op akademies-verantwoorde standpunt-inname as op partypolitiek en e) al hoe meer kontak met ander kampusse, die Engelstalige- en swartkampusse, gesoek word. Dit alles in ag genome is dit duidelik dat die ASB sy ou beeld van "verkramptheid" verruil het vir groter "openheid".

**Dié bevindinge van die Komitee vir Politieke Studies het daartoe aanleiding gegee dat die SR-voorsitter, mnr. Jan de Wet, op die laaste SR-vergadering 'n mosie ingedien het waarin hy 'n referendum vir 25 A[illegible] individueel sal aantoon of hy *vir* of *teen* affiliasie is. Volgens die stempersentasie moet daar dan ook *pro rata* bereken word hoeveel SR-lede namens die studente-unie sal affilieer.**

**Mnr. Hilgard Bell het sterk standpunt teen dié mosie ingeneem, omdat hy van mening is dat die referendum niks met affiliasie te doen het nie, maar hoogstens 'n sekere persentasie stemme kan aandui. Boonop sal daar baie moeilik bepaal kan word wie aanspraak op die ASB-voorregte kan maak, al dan nie. Mnr. Bell het 'n amendament op die mosie ingedien waarin die SR die affiliasie-stelsel sal hersien indien dit uit die referendum blyk dat dit 'n groot minderheid is wat wil affilieer. Die substantiewe mosie is met 'n groot meerderheid van stemme aanvaar.**

# Maties sal moet leer stap

"DIE Universiteit se optrede is in ooreenstemming met die beroep om verkieslik van openbare vervoer gebruik te maak in plaas van individuele private vervoer," het mnr. Chris Heunis, Minister van Ekonomiese Sake, gesê in reaksie op die pasaangekondigde brandstofbesparingsmaatreëls van die Universiteit van Stellenbosch.

Hy het voorts gesê: "Die studente het in die verband self 'n voorbeeld te stel deur die mate waarin hulle dit toepas. Wat in dié verband van belang is, is dat die universiteitsowerhede en studente klaarblyklik besef dat hulle 'n bydrae het om te lewer in die besparingspogings en daarvoor is ek baie dankbaar."



*PROF. DE VRIES*

Prof. Mike de Vries, Vise-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het uitgebrei op maatreëls wat die Universiteit in die toekoms gaan toepas om brandstof te bespaar. Hy is van mening dat 'n goeie gesindheid teenoor brandstofbesparing onder studente op die kampus gekweek moet word.

'n Spesiale verteenwoordigende komitee is aangestel om 'n beeld te vorm van terreine en wyses waarop brandstof bespaar kan word. Die studente is verteenwoordig deur lede van die SR, die Studentebelangekomitee en die Primarii/ae-komitee. Die komitee se uitgangspunt was dat daar soveel moontlik bespaar moes word sonder om normale en noodsaaklike werksaamhede te kortwiek.

Op akademiese gebied is aandag geskenk aan departementele toere. Daar is 'n onderskeid gemaak tussen toere wat deur middel van geskeduleerde openbare vervoer moontlik is en dié wat noodgedwonge van private vervoerdienste soos busse, gebruik sal moet maak. Indien eersgenoemde onmoontlik is, moet 'n aansoek om toestemming voorgelê word met duidelike motivering van hoekom daar nie van openbare vervoerdienste gebruik gemaak kan word nie.

Prof. De Vries het gesê dat groter koördenering van uiterste belang is. Die universiteit poog om roosters van studente wat proefklasse aan skole moet gee, so in te deel dat dit moontlik sal wees om almal met 'n enkele universiteitsvoertuig te vervoer. Algemene ritte van departemente sal voortaan deur 'n enkele beheerpunt hanteer word. Die universiteit stel dit ten doel om 20% te bespaar op brandstofuitgawes deur die afhaal van goedere in Kaapstad, die vervoer van pos en goedere na die Parowvalleikampus, en die inkope en verspreiding van koshuisvoorrade beter te koördineer.

Sporttoere na dorpe buite die normale ligagebied van die Universiteit is onderhewig aan dieselfde maatreëls as departementele toere. Spesiale aansoeke om toestemming sal deur die Sportkomitee ondersoek word.

Studentefunksies, soos byvoorbeeld geselligheде gereël deur verenigings en komitees, en huisdanse, mag as 'n reël nie buite die munisipale grense van Stellenbosch plaasvind nie. Die jaarlikse debutantebal in die Mount Nelson-hotel in Kaapstad sal onderhewig wees aan die reklamewaarde wat dit vir die universiteit het, eerder as aan die sentiment verbonde aan tradisie.



*Rita Barnard, Murray Bridgman en Johnathan Watt-Pringle in 'n toneeljie uit* Albert *tydens die USAT-dramafees. Sien ook resensie en foto's op bladsye 2 en 3.*

# HOËR BOETES VIR MOTORS EN "PRET"

PROF. M.J. de Vries, Vise-Rektor van die Universiteit van Stellenbosch, het hom sterk uitgespreek teen vandalisme en die onwettige aanhou van motorvoertuie deur studente binne die munisipale gebied van Stellenbosch.

Die spesiale komitee wat aangestel is om die aangeleentheid te ondersoek, voel dat vandalisme sulke afmeting aangeneem het dat dit optrede noodsaak. Die mees algemene voorbeeld van vandalisme is die beskadiging deur manstudente van persoonlike- en universiteitseiendom in dameskoshuise.

**Die huiskomitees se samewerking word in dié verband verlang. 'n Huiskomitee kan besluit hoe die beoogde boetes van R500 vir 'n eerste en R1 000 vir 'n tweede oortreding versprei moet word. Dit kan òf uit die huiskas verhaal word, òf die skuldiges kan persoonlik aanspreeklik gehou word.**

Hierdie poging moenie as 'n poging gesien word om studentepret te bekamp nie. Om trofeë vas te lê in die ontvangsportale van koshuise is nie vandalisme nie, alhoewel daarteen gewaak moet word dat gesonde pret aanleiding gee tot vandalisme.

Die toename in die onwettige aanhou van motorvoertuie binne die Stellenbosse munisipale gebied wek kommer. 'n Student mag 'n motorvoertuig aanhou na die suksesvolle voltooiing van twee akademiese jare. Eerste- en tweedejaars kan aansoek doen om spesiale verlof. Sodanige aansoek word op die meriete van die student se behoefte oorweeg.

**Die spesiale komitee wat die aangeleentheid ondersoek het, het gevoel dat strenger strawwe opgelê moet word. Die straf dat skuldiges voortaan vir die res van hul studiejare verbied sal word om 'n motorvoertuig aan te hou, druk die komitee se gevoel uit.** Hierdie reëling moet egter nog in oorleg met die SR gefinaliseer word voordat dit in werking kan tree.

# DRAMAFEES VERSKAF PLESIER




As hierdie penskets van Nick Curwell 'n aanduiding is van wat **Kreatus** tydens hul Ope Week beoog, is "Verandering" 'n floue aanduiding van wat wel gaan

## *Pryswenners!*

DIE vyfde USAT-Dramafees het so pas ten einde geloop. Vanjaar is 'n groot aantal inskrywings van wisselende gehalte op die planke gebring. Altesaam negentien stukke, waarvan nege deur studente geskryf, is in die Libertasteater opgevoer.

Die HAUM-trofee vir die beste studente-dramaturg is aan Dawid Minnaar toegeken vir sy eenbedryf *Tot Hiertoe en Verder*. Dit is 'n sterk stuk wat hoë eise aan beide spelers en regisseur stel. Dawid Minnaar het deur sy regie getoon dat hy 'n fyn aanvoeling vir die situasie en karakters het. Die Johan Brink-trofee vir 'n verdienstelike studenteregisseur is ook aan hom toegeken. Hy het 'n sterk span spelers gehad met Adéle Coetzee as die moeder (beste vertolking van 'n vrouerol: Akkertrofee); Willie Lategan as J.C. (Barclays-beker: 'n verdienstelike vertolking van 'n mansrol) en Joletta Payne as Bekkie (Steytler-trofee: vertolking van 'n klein rolletjie).

### BELOWEND

Die Hendersontrofee vir 'n belowende studentestuk is aan Dawid de Villiers toegeken vir sy teks *Quo Vadis . . .?* Die regisseuse Rachelle Greeff het gesorg vir die netjiese en afgeronde opvoering van dié stuk.

Die studentetekste is vanjaar beoordeel deur Pieter Fourie, artistieke direkteur van KRUIK. Die beoordeling van die studenteopvoerings is deur mevrou Madelein Heyns en dr. Stan Ridge behartig.

Ligte en goeie vermaak is verskaf deur die Wilgenhof-inskrywing *Albert*. Dié tipiese Engelse komedie oor twee "foreigners" en die Engelsman Albert se regie is waargeneem deur Rita Barnard, wat self ook moes inspring en die rol van Karin speel toe Anita Snyman siek geword het. **Uitstekende spel is gelewer deur Jonathan Watt-Pringle en Murray Bridgman, wat die Enrico Milanie-trofee vir die beste vertolking van 'n mansrol ontvang het.**

### EERLIK

Dit is duidelik dat die beoordelaars gehou het van eerlike spel, en spelers en produksies hiervoor erkenning gegee het. So het Ziggy Roux die Edrichtrofee vir die beste spel ontvang vir sy eerlike en onpretensieuse spel as Mr Washburn in *Pullman Car Hiawatha*. Alhoewel hierdie stuk effens meer afgewerk kon gewees het, het die spelers duidelike begrip van hul karakters getoon en het die regisseur. Conrad Heyns, die groot aantal akteurs goed hanteer. Die UUB-trofee vir die beste studenteregisseur is aan hom toegeken. Diane McCarthy se vertolking van Harriet het haar die Barclays-trofee vir 'n verdienstelike vertolking van 'n vrouerol besorg.

### KEUSE

**Een van die interessantste aspekte van Dramafees is die keuse van toneelstukke. 'n Ambisieuse keuse was Monica en Huis Marais se inskrywing, *Electra*. Mev. Smuts het Hugo von Hoffmansthal se Elektra vertaal. Dit is duidelik dat harde werk en entoesiasme in die stuk gesteek is.**

Annalie Bellingan se produksie van oud-student Anlen Jordaan se *Pandora* was baie bevredigend. Veral Elsabé-Maria Smit se vertolking van Dora sal onthou word. (Barclays-wisseltrofee vir goeie spel.)

### OORSPRONKLIK

Die studentetekste sorg altyd vir heelwat oorspronklikheid. Anel Oberholzer se *Quo Vadis*, waarvan sy self ook die regie behartig het, het ongelukkig nie so goed geslaag as opvoering nie as gevolg van tegniese probleme. Die Nico Steytler-trofee vir oorspronklikheid is aan Theo Smith se stuk *Die Wet* toegeken.

**MORLETTE LINDSAY**

## *Kreatus woel hier om verandering*

KREATUS bied vanjaar van 16-20 April 'n Ope Week aan. Gedurende hierdie week sal daar gepoog word om integrasie en interaksie tussen kunsstudente en -dosente wat in verskillende rigtings werk, te bevorder.

### TEMA

Die tema van vanjaar se Ope Week is *Verandering*. Mnr. Nick Vergunst van Kreatus verduidelik dat daar na verskillende vorme en stadia van verandering gekyk sal word; verandering deur groei, saamtrekking, uitbreiding, tyd, en spanning. Indiwidue en groepe sal projekte aanpak wat aansluit by die algemene tema, om sodoende die verskillende aspekte van verandering te belig.

Mnr. Vergunst het bygevoeg dat daar van 'n groot verskeidenheid kunsvorme gebruik gemaak sal word, nl. skilderkuns, twee- en drie-dimensionele strukture, omgewingskuns, "happenings" en "performance-art". **Alle belangstellendes word aangemoedig om die Ope Week met die kunsstudente te deel. Nuus aangaande aandlesings en middaguurfilmvertonings, wat elke dag tydens die Ope Week aangebied word, sal op kennisgewingborde verskyn.**

### STUDENTEWERK

Lesers se aandag word gevestig op die uitstalling van studentewerk wat vandeesweek geopen het. Die uitstalling wat tot 29 April duur, word in die kunsmuseum in Dorpstraat en die Beeldende Kunste-gebou in Victoriastraat gehou.

## John Antoniadis onderskat?

JOHN Antoniadis is waarskynlik een van die mees onderskatte pianiste in Suid-Afrika. Hoe goed hy werklik is, het hy verlede Saterdagaand met sy klavieruitvoering in die Endlersaal deeglik bewys.

Die program sou uit vier bekende Beethoven-klaviersonates bestaan, maar is verkort omdat mnr. Antoniadis nie wel was nie.

In die openingsnommer, die Sonate in E-mol (Op. 27, no. 1), het die pianis in die begin effens gespanne en onseker voorgekom, maar dit was gou duidelik dat die paar verkeerde note en glipse geen maatstaf vir sy spel kon wees nie. **Hy het inderdaad sy sensitiewe, soms 'n bietjie te romantiese aanvoeling vir die klaviermusek van Beethoven bewys. Sy benadering van Beethoven is in die algemeen meer romanties as die gewone.**

### FRASERING

Elke frase was fyn beplan en weldeurdag. Hy het ook 'n besondere manier van frasering aan die einde van gevoelvolle passasies.

Die hoogtepunt van die konsert was die *Waldstein-sonate* (Op. 53). Die ongewone fatsoen wat hy aan die versiering in die openingsfrase gegee het, was 'n toonbeeld van individualiteit by 'n kunstenaar wat iets persoonliks te sê het.

### DETAIL

Hy beskik oor goeie tegniese vaardigheid. Soms het sy amper Lisztiaanse styl in opwindende passasies die "detail van die detail" effens verdoesel. Die akoestiek van die Endlersaal, ontwerp vir klavier- sowel as koor- en orkesuitvoerings, is uiteraard nie "droog" genoeg om die binnewerk van subtiele frases na behore uit te lig nie. Dit is dan nie net die pianis se skuld as die fynere besonderhede vanweë die lang nagalm verlore gaan nie.

Die dubbeloktaaf-toonlere in die Rondo van die Waldstein word baie selde as glissando-oktawe uitgevoer. Die glashelder, delikate resultaat wat Antoniadis hier met 'n glissando-tegniek verkry het, was van die mooiste klanke wat 'n mens jou op 'n klavier kan voorstel.

### TEKSTUUR

Die laaste werk was die Sonate no. 23 in f (Op. 57), die Appasionata. Die ongewone tempowisselinge in die derde deel het die vloeiendheid enigsins geskaad, en dit was teen die einde van die konsert merkbaar dat Antoniadis se sprankel deur sy ongesteldheid gedemp is.

Die rol van tekstuur in klaviermusiek het hy sterk op die voorgrond geplaas, terwyl sy sin vir balans steeds opmerklik was.

Die gehoor het met warme applous sy opregte waardering vir 'n goeie uitvoering getoon.

**LOUIS HEYNEMAN**

## filmfokus

OP Maandagaand, 16 April, vertoon die US-Filmvereniging Volker Schlöndorff se bekende film *Young Törless* (1966). Hierdie film is gebaseer op Robert Musil se roman (1906). Dit verplaas die kyker na Oostenryk in die tydperk net voor die Eerste Wêreldoorlog. Törless, 'n sensitiewe seun in 'n hoërskool waar militêre dissipline afgedwing word, is die hoofkarakter.

### MANIPULASIE

In die skool leer die seuns dat die lewe 'n magspel is en dat die enigste kriterium vir sukses die vermoë is om ander te manipuleer. Hierdie ideologie word weerspieël in die gedrag van die seuns. Hul slagoffer is Basini, 'n maklike prooi weens sy gretigheid om inskiklik te wees. Törless is 'n bystander wanneer Basini se swakhede wreed uitgebuit word. Al word hy in 'n sekere sin 'n medepligtige gemaak, bly hy magteloos. **Hoewel hy hom nie heeltemal deel voel van hul Spartaanse wêreld nie, kan hy hom ook nie heeltemal losmaak van hierdie siek en sadistiese wêreld nie.** Törless se worsteling met sy keuses verskaf die drama aan die slot.

### PEKING OPERA

Op Maandagaand 23 April word *The Valiant Ones* vertoon. Die regisseur van hierdie film is King Hu. In sy films ontgin hierdie Hong Kongse regisseur die "martial arts movie genre" deur kodes en konvensies van die Peking-Opera te gebruik. Gedurende die week van 30 April sal 'n wetenskapfiksiereeks aangebied word.




SPIER RESTAURANT

OOP DINSDAG TOT SATERDAG VIR MIDDAG EN AANDETE : A LA CARTE.

SONDAG SLEGS VIR MIDDAGETE : VASTE SPYSKAART.

ONS BIED 'N VERSKEIDENHEID VAN DISSE AAN OM BY ALMAL SE SMAAK SOWEL AS SAK TE PAS.

MEER AS 80 WYNE OM VAN TE KIES.

GELEË TUSSEN VLOTTENBURG EN LYNDEDOCH STASIES TEL. 02234-242

*HAUM*

*Die student se boekwinkel*

Trustbankgebou
Andringastraat
Stellenbosch
7600

TEL. 4440 2906

Posbus 343

Tikwerk vir Studente !

*Privaat tikwerk teen billike pryse! Vir verdere besonderhede, kontak Sandra Venter by 6523 of Huis ten Bosch Anneks, H.v. Bosman en Victoriastraat.*

# USAT-DRAMAFEES IN BEELD





## DRAMA DRAMA DRAMA

*'n Paar van die oomblikke wat op die onlangse dramafees op film vasgelê is.*

*Links bo is Ziggy Roux en Rolf Behrens in* Pullman Car Hiawatha *(Aristea en Libertas). Links: Maria van der Linde in die titelrol van* Electra *en Nagm Azar as Orestes. (Monica en Huis Marais). Links onder: Joletta Payne as "Bekkie" (links) en Ma Babs (Adéle Coetzee) in* Tot hiertoe en verder. *(Heemstede en Simonsberg). Onder: Ena Naudé as Klutaimnestra in* Electra. *(Monica en Huis Marais). Heel onder, regs: Armand Crous in* Die Wet. *(Harmonie en Dagbreek). Regs: Deon Adriaanse en Elsie de Wet in* Die Rooi Ferweeljas. *(Oude Molen en Sonop). Regs bo: Johnathan Watt-Pringle in* Albert *(Wilgenhof en USAT). Heel bo, regs: Ian Theron en Wilna Henning in* Die Rooi Ferweeljas.













# NUWE PLAN VIR DISAFFILIASE WERK GOED

**AKTIEWE** disaffiliasie van die ASB het gedurende Februarie 'n werklikheid geword by die Universiteit van Pretoria. Enige student wat hom om een of ander rede nie met die ASB kon vereenselwig nie, kon sy naam by die VSR-toonbank gaan opgee.

Alle studente wie se name nie op die disaffiliasielys verskyn nie, sal outomaties geag word as lid van die ASB. Nelus Niemand, adjunk-voorsitter van die VSR, is egter deur 'n groep disaffiliante genader met die versoek dat hulle toegelaat word om disaffiliasielyste op die kampus rond te neem. Verlof is toegestaan.

### SPONTAAN

Colin Burke, 'n aktiewe lid van die PFP-studentetak, het by navraag gesê dat die groep spontaan ontstaan het en dat daar geen organisasie ter sprake was nie. Nic de Villiers, 'n mede-PFP-lid en verantwoordelik vir die verspreiding van die lyste onder lede van die groep, het Nelus Niemand genader met die idee om tafels op die kampus op te stel. Dit sou hulle taak aansienlik vergemaklik.

Volgens Colin Burke het sekere mense die lyste onderteken omdat die ASB te verlig geword het. Onbevestigde berigte doen ook die rondte dat sekere mense gedink het dat hulle geld van die universiteit kon terugeis, indien hulle disaffilieer. Verskeie mense het kommer uitgespreek dat sommiges nie geweet het waaroor alles gaan nie.

Die VSR het bekend gemaak dat 500 studente gedisaffilieer het. Colin Burke en Nic de Villiers het dit betreur. Volgens hulle kon hulle meer mense oorgehaal het om te disaffilieer indien hulle meer tyd gehad het.

### PUKKE

Verder het sewe studente van PU vir CHO te kenne gegee dat hulle van die ASB disaffilieer. In 'n onderhoud met van hierdie studente is redes soos Theuns Eloff se NP-steun, die ASB se standpunt oor oop universiteite, en die Christelik-godsdienstige beginsels van die ASB, aangevoer.

Die vraag ontstaan nou by sommige studente of persoonlike disaffiliasie by die SR-kantoor nie maar 'n manier is om kontrole te hou oor diegene wat die ASB teenstaan nie. Daar word ook voorgestel dat studente persoonlik by die SR-kantoor gaan affilieer sonder die openbare bekendmaking van name. "of is die ASB bang dat hy sal skrik by die aanskoue van sy werklike ondersteuning".



*Die Standard Bank nasionale redakteurskonferensie vir studentekoerante het onlangs op Stellenbosch plaasgevind. Mnr. Ian Forsyth (middel voor) van die Cape Times het as gasspreker opgetree by die amptelike opening. Saam met hom op die foto verskyn die afgevaardigdes. Mnr. Chris Heymans (oud-redakteur van* Die Matie*) het die konferensie georganiseer.*

# "FASCISTIESE GEPRUTTEL VAN GRIETJIE PIENAAR"

"DIE Afrikanervolk se identiteit word gekenmerk deur sy Afrikaanse taal, Christelik-Nasionale leefwyse, ras-biologiese, [illegible] geskiedenis. Calvinistiese godsdiens, en hierin word die Afrikanervolk voortgeplant."

Die aanhaling kom uit 'n artikel deur Grietjie Pienaar, SR-lid van RAU belas met ASB-aangeleenthede, in 'n onlangse uitgawe van *Die HeRAUt*, studenteblad van RAU. In die artikel, onder die titel *Identiteit vereis vaste Lewensbande*, wend mej. Pienaar 'n poging aan om Afrikaneridentiteit te omskryf. Te oordeel aan die reaksie daarop deur Dan Roodt, selferkende anargis en SR-lid by Wits, het haar uitsprake haar beeld as verkrampte net duideliker omlyn.

Haar artikel is deurtrek met idees uit die Verwoerdiaanse era, bv. die Afrikaner se "witheid" en sogenaamde "eksklusiwiteit", "dinamiese volkstrots", en "voortbestaanswil". Roodt verwys na die artikel as die "afstootlike fascistiese gepruttel van ene Grietjie Pienaar."

Roodt verwerp haar implikasie al sou "die ganse grote Afrikanervolk" 'n "identiteit" hê, deur te verwys na uitsprake van Hume, Nagel en Parfitt met die strekking dat die konsep van identiteit glad nie eers bestaan nie.

### HEERSKAPPY

In die artikel maak mej. Pienaar verskeie uitsprake wat sy as "kenmerkend van Afrikaneridentiteit" beskou, maar wat eerder Nasionale Partybeleid is. Hiervan is "die erkenning van die voortbestaan- en selfbeskikkingsreg van ander volke (net soos vir die eie opgeëis)" en "die Afrikaner glo dat die heerskappy oor 'n volk uitgeoefen moet word deur gesagsdraers uit eie geledere" die ooglopendste.

Mej. [illegible] se artikel word afgesluit met 'n aanhaling [illegible] dr. D.F. Malan, en Dan Roodt beskryf hom in sy kommentaar as "'n eertydse dominee wat so baie vir 'Slegs Blankes'-bordjies gedoen het." Roodt formuleer sy teenkanting teen die beleid van afsonderlike ontwjkkeling deur te verwys na 'n uitspraak van Breyten Breytenbach in "Apartheid is the law of the bastard".

### POSITIEWE PUNT

Een positiewe punt in mej. Pienaar se artikel blyk uit die volgende stelling: "... die heil en waarborg van 'n Afrikaneridentiteit (lê) nie in die gees van wettiesheid of oormatige wetbeskerming nie."

ANTON BRUWER

# Eloff op Tuks

**BY** 'n onlangse massavergadering het Theuns Eloff, ASB-president, die Tukkies toegespreek oor die noodsaaklikheid van die betrokkenheid van Afrikaanse studente by die ASB.

Volgens mnr. Eloff besef die Afrikaanse studente nie altyd sy rol in die kritieke Suid-Afrikaanse situasie nie, daarom moet hy by die ASB betrek word sodat hy gelei kan word om te help soek na 'n vreedsame oplossing vir die Suid-Afrikaanse vraagstukke. "Krities gebalanseerd" is die sleutelwoorde wat studentebetrokkenheid moet beskryf. Deur betrokkenheid by die kulturele askies soos Fiësta en Kuesta en politieke aksies word die Afrikaanse student op die pad na selfdenkendheid en volwassenheid oor die hele spektrum van sy lewens- en wêreldbeskouing gelei.

### VERTEENWOORDIGEND

Op 'n vraag van hoe verteenwoordigend die ASB werklik is, was mnr. Eloff se antwoord dat die ASB homself as verteenwoordigend beskou in so verre die studente wat nie gedisaffilieer het nie, hom by implikasie steun.


## GEGRADUEERDE VIR LEIDENDE VERSEKERINGS MAKELAARSFIRMA

ONS SOEK 'N HARDWERKENDE GEGRADUEERDE BES MOONTLIK MET 'N REGS- OF HANDELSGRAAD EN *TWEETALIG.*

ONS IS DIE LEIERS OP ONS GEBIED EN VOORSIEN DIE VOLGENDE:–

- EERSTEKLAS OPLEIDING.
- UITSTEKENDE TOEKOMS OM OP VROEË OUDERDOM IN 'N VERANTWOORDELIKE, VEELEISENDE EN BEVREDIGENDE POS AANGESTEL TE WORD.
- BOGEMIDDELDE SALARIS EN BYVOORDELE.

APPLIKANTE MOET AANSOEK DOEN DEUR TE SKRYF AAN

ADMINISTRASIE-BESTUURDER
POSBUS 3060
KAAPSTAD
8000

AANSOEKE MOET ONTVANG WORD VOOR 19 APRIL 1979.


# ORIËNTERINGSWEEK MAAK OPSLAE


GEBR. Vd LINDE BROS.
NASSAU ARKADE
PLEINSTRAAT
TEL: 5590
VIR MANS
*Groot verskeidenheid Wynsakke, Pype, Geskenke en Juweliersware.*



## GRIET SE BOEKRAK

**Vir alle gebruikte akademiese boeke, tikwerk, bindwerk en fiksie-leesstof.**

H/v Andringa- en Victoriastrate
Stellenbosch
Tel. 70712


**GEBEURE** gedurende die "Freshers Orientation Week" op die Durbanse kampus van die Universiteit van Natal het groot opslae op die kampus veroorsaak. Daar is bv. beweer dat daar wanbestuur misbruik van fondse en ondoeltreffende organisasie was.

Verskeie ongelukke het die organiserende komitee getref. Een aand is R600 van die inligtingshokkie gesteel, en by 'n ander geleentheid is 'n groot hoeveelheid vleis vermors toe dit gedurende 'n braaivleis begin reën het.

### KRITIEK

Een van die grootste punte van kritiek oor die organisasie gaan om die inligtingskoeverte wat aan eerstejaars verkoop is. Verlede jaar is daar besluit om 'n pamflet oor voorbehoedmiddels in te sluit, wat teen 'n koste van R1 500 gedruk is. Vanjaar is egter besluit om dit nie te gebruik nie, wat 'n groot verlies ten gevolg gehad het. Daar word ook beweer dat te veel pamflette oor godsdienstige aangeleenthede gehandel het i.p.v. universiteitsaangeleenthede.

'n Ander groot punt van kritiek wat uit die eerstejaarsweek gespruit het, was die hou van die "Mr. Fresher"- en "Miss Freshette"-kompetisies. Verlede jaar is die tradisionele "Miss Freshette"-kompetisie afgeskaf a.g.v. teenkanting deur die feministe-beweging op die kampus. Vanjaar is dit egter weer ingestel met 'n kompetisie vir dames sowel as mans. Die studentekoerant *Dome* is baie krities hieroor, en die feministe sal ongetwyfeld kapsie maak.

### VERDEDIG

Mnr. Chris Swart, die voorsitter van die "Freshers Orientation Committee" het die uitsluiting van die pamflet oor voorbehoedmiddels en die hou van die liggaamsboukompetisies verdedig.

### MOREEL

Volgens mnr. Swart het die pamflet nie 'n morele standpunt ingeneem nie. Die verspreiding van die pamflette is ook deur die universiteitsadministrasie en die plaaslike gesinsbeplanningskliniek as onwenslik beskou.

Mnr. Swart het die hou van "Mr. and Miss Fresher"-kompetisie regverdig as goeie pret sonder enige uitbuiting.

# STELLENBOSCH EN DIE ASB: MENINGS

## Komitee vir Politieke Studies; lede gee menings.


*Vier van die SR-lede wat in die komitee vir politieke studies dien. V.l.n.r. is Hilgard Bell, Deon de Kock, Renier Koegelenberg en Nick Koornhof. Frans Roelofse (foto onder) is die voorsitter van die komitee.*

DIE Komitee vir Politieke Studies het verlede week hul bevindings omtrent die ASB bekend gemaak. 'n Mosie dat die komitee ondersoek instel aangaande Stellenbosch se verhouding met die ASB is reeds op 25 Oktober verlede jaar deur die studenteraad aangeneem. Die vyf lede van die komitee, Frans Roelofse (voorsitter), Hilgard Bell, Deon de Kock, Renier Koegelenberg en Nick Koornhof het elkeen 'n werkstuk aangaande die onderwerp opgestel. *Die Matie* gee hier 'n oorsig van die amptelike menings van die lede van die komitee. Die menings van die lede verskyn alfabeties.

Geliewe daarop te let dat hierdie slegs uittreksels uit die verskillende studiestukke is. Weens 'n gebrek aan ruimte kan *Die Matie* nie die volledige motivering en gevolgtrekkings van elke lid plaas nie.

### HILGARD BELL:

"Die standaardbeswaar teen affiliasie met die ASB was in die verlede dié van die onaanvaarbaarheid van sentrumaffiliasie. Hierdie beswaar geld vandag nie meer met die geldige manier van persoonlike disaffiliasie deur studente nie. Ons is bewus van 'n groot onkunde onder ons studente oor die ASB. Hoewel die meerderheid studente blykbaar teen affiliasie gekant is, is ek van mening dat weinig van hulle werklik grondige redes daarvoor kan aanvoer. Die onus rus egter op hulle om hulle van die feite te vergewis. Dit sou vir my onaanvaarbaar wees dat 'n studenteraad affilieer namens 'n minderheid van sy studente. Die deurslaggewende faktor sou steeds 'n referendum bly waarmee 'n meerderheid-standpunt deurslaggewend sal wees.

#### SKEPTIES

Ek staan redelik skepties teenoor die "vernuwing" in die ASB. Vir my is die ASB nie die hoofbestuur nie, maar wel die studente wat lede is. Daarom maak ek die gevolgtrekking dat niemand gesaghebbend van 'n noemenswaardige verandering kan praat as hy nie praat van die politieke ingesteldheid van die ASB as 'n geheel nie en dit is duidelik dat met 'n enkele uitsondering die hoofbestuur nie kan sê dat hy die standpunte van sy lede verteenwoordig nie.

Net soos NUSAS het die ASB myns insiens in die laaste tyd 'n "soft line" voor Stellenbosch ingeslaan en was allermins oortuigend.

Die moraliteit daaragter om by 'n organisasie aan te sluit met die doel om daardie organisasie te verander of te beheer tot jou eie sienswyse staan ook nie bo verdenking nie."

### DEON DE KOCK:

Mnr. de Kock let hoofsaaklik op die redes vir disaffiliasie in 1968 en 'n hoë mate die klimaat sedertdien gunstiger geword het vir moontlike hertoetrede.

"Reeds in 1952 het sekere studente gevoel dat die sisteem van ipso facto-lidmaatskap onbevredigend is. Lede van die Studente-unie wat nie met die ASB-beginsels saamgestem het nie, moes dan teësinnig lede van die organisasie wees en gevolglik ledegeld betaal en aanvaar dat die ASB uitsprake namens hulle maak.

Voldoende strukturele veranderinge wat wegdoen met die stelsel van sentrumaffiliasie en 'n meer aanvaarbare affiliasie-stelsel daarstel, is onlangs gemaak. Dit kom prakties daarop neer dat 'n studente wat hom nie uitdruklik van die ASB distansieer nie, as lid aanvaar word. Passiewe studente, wat die moeite ontsien om sy naam vir disaffiliasie op 'n lys te skryf, word op hierdie manier as lede van die ASB gereken. Ek sou verkies dat die stelsel net omgekeerd moes werk.

#### SAMEVATTING

My gevolgtrekking is dat die klimaat in die ASB juis nou gunstiger is as ooit vir her-affiliasie. Stellenbosch moet nie skroom om sy stempel op hierdie organisasie te gaan afdruk nie – veral nou met die "gees van besinning binne die ASB krities, eerlik, intellektueel en los van partypolitiek". Die "oop karakter" van Stellenbosch sal ongetwyfeld bydra tot beter debattering en besinning in die ASB."

### RENIER KOEGELENBERG

"1. **Strukturele veranderings** – Redelik ingrypende veranderings t.o.v. affiliasie in die verskillende sentra het plaasgevind. I.p.v. sentrumaffiliasie word daar nou voorsiening gemaak op kampusse dat diegene wat hulle van die ASB wil distansieer dit doen deur hulle naam op 'n lys aan te bring.

**Kommentaar** – Dit is m.i. nie die heel beste wyse nie. Dit is egter so dat op die geaffilieerde kampusse die aantal persone wat hulle wil distansieer van die ASB in die minderheid is en dat dit prakties moontlik geregverdig is.

Ek het navraag gedoen by die ASB president, Theuns Eloff, en ander hoofbestuurslede aangaande 'n situasie soos die van Stellenbosch waar daar waarskynlik baie meer persone is wat hulle wil distansieer van die ASB. **Ek het die versekering gekry dat 'n interne maatreël, soos bv. 'n referendum, vir die hoofbestuur aanvaarbaar sal wees.**

2. Ontwikkelings, veranderings **t.o.v. die werkswyse van die ASB** – Dit is duidelik dat die ASB sy rol toenemend sien as die van 'n *"dinkskrum"*, eerder as 'n politieke magsblok. Dit blyk baie duidelik uit die klem wat daar gelê word op skakeling met andersdenkendes.

#### SAMEVATTEND

Indien ek 'n konklusie moet maak t.o.v. ontwikkelinge binne die ASB, is dit vir my moeilik omdat Stellenbosch op die huidige oomblik 'n buitestander is. Elke mening wat hieroor gegee word moet dus waak teen subjektiewe vooroordele wat negatief of positief kan wees.

Tog meen ek dat op grond van die *feite* wat ek hier kan aanstippel, die volgende vir my duidelik is:

Die ASB sien sy rol toenemend as die van 'n "dinkskrum" waar verskillende standpunte teenoor mekaar opgeweeg en geslyp word. Die klem val dus nie meer soseer op 'n bepaalde mosie wat tydens 'n kongres aangeneem word al dan nie, maar die klem val toenemend op die *bespreking* wat daar plaasvind. Dit is m.i. 'n beweging na 'n groter mate van kritiese, realistiese denke. Daar is ook 'n groter openheid en erns om ander kultuurgroepe en andersdenkendes se bestaansreg te erken en te respekteer."

### NICK KOORNHOF:

**"Relevansie van die ASB vir Stellenbosch** – Om nou sonder meer te redeneer dat die ASB vir Stellenbosch meer dinamies gaan maak is verregaande. Myns insiens het beide mekaar nodig hetsy die status quo te handhaaf hetsy te affilieer. Daar moet egter aanvaar word dat die ASB as 'n georganiseerde liggaam Afri[illegible] Engelse en S[illegible] studente met mekaar laat skakel. Skakelingsgeleenthede lyk goed alhoewel dit nie al maatstaf is vir moontlike heraffiliasie nie. **Ek dink eerder dat die vraag, behoort Stellenbosch nie te affilieer as gevolg van 'n gemeenskaplike strewe ter bevordering van die Afrikaanse kultuur nie, is meer relevant.**

**Voor die laaste vraag duidelik beantwoord kan word, sal die ASB sy kulturele rol duidelik moet uitstippel en niks verhoed Stellenbosch om daaraan deel te hê nie.**

Die ASB is in 'n mate 'n forum en selfs sy felste kritici kan dit nie ontken nie. Die dagblaaie en veral die Engelstalige pers is vol oor ASB-berigte. Deur bykans al die kommunikasiemedia word die ASB as die forum van die Afrikanerstudent beskou. **Dus 'n forum wat wel 'n trefkrag het.**

Ten slotte net 'n kort opmerking op die *"vernuwing"* in die ASB. Die ASB bestaan uit sy lede, die lede gee die rigting aan elke jaar op die kongres (vir ons situasie miskien 'n teleurstellende rigting), die lede kies ook hul hoofbestuur, ook die president. **Dit is juis dan hier, in die leiers van die ASB waar daar 'n merkbare klemverskuiwing plaasgevind het, 'n klemverskuiwing wat inderdaad verwelkom word en dit is onrealisties om jou oë te sluit vir die leiersoptrede van die ASB en net jou oë te rig op sy soms gemanipuleerde lede.**

As daardie leiers dan op 'n latere kongres gerupidieer word kan ons nie aanvaar dat 'n groter taak dus op Stellenbosch wag nie?

Die "denkskrum-idee" van die ASB beteken nie 'n vernuwing nie, maar dit dwing lede tot 'n meer realistiese wyse van denke wat tog 'n klemverskuiwing kan veroorsaak.



### FRANS ROELOFSE

**1. Die ASB sien sy rol toenemend as 'n dinkskrum waar verskillende standpunte teenoor mekaar opgeweeg en geslyp word.**

**2. Die ASB vervul 'n meer progressiewe rol.**

**3. Die ASB-struktuur is nie bevredigend nie, maar 'n statiese toestand is beëindig en dinamiese verwikkeling binne die ASB is hier en daar kenbaar.**

**4. Sentrum-affiliasie is 'n standpunt of alternatief wat nie eers oorweeg moet word nie.**

#### DIT SLUIT IN:

1. ,Die ASB is die belangrikste Afrikaanse Studente organisasie en as sodanig is Stellenbosch *afgesny* van die hoofstroom.

2. Om gedeeltelik by die ASB geaffilieer te wees, beteken nie dat die ASB standpunt inneem vir Stellenbosch nie.

3. Gedeeltelike affiliasie word as die enigste moontlikheid voorsien omdat dit 'n *addisionele* platvorm en inligtingskanaal vir Stellenbosch se standpunte sal wees.

4. Stellenbosch moet nie so oop raak en so sieklik volwasse dat daar geen sterk standpunte ingeneem kan word nie. Dan sou ons kant nóg wal raak.

#### DIT SLUIT UIT:

1. Dat Stellenbosch gedeeltelik wil affilieer om die ASB te [illegible] wees nie.

2. Dat die "Kruispad" en "Rassisme" werkstudies gesien word as 'n dinamiese verandering in die ASB.

3. Dat gedeeltelike affiliasie sal ge skied omdat die ASB 'n "soft line" voor Stellenbosch ingeslaan het.

4. Dat Stellenbosch wil affilieer omdat hy geïsoleer is. **Op die onlangse SR-toer is dit weer eens onderstreep, soos op SSD byeenkomste, dat Stellenbosch steeds die leidende Afrikaanse universiteit is, en dat die SR se standpunte deeglik bekend is op die Noordelike kampusse en dat daar kennis geneem en op gereageer word. Stellenbosch is egter besig om op 'n *vertrouensbreuk* met die Noordelike Afrikaanse universiteite af te stuur.**

#### TEN SLOTTE:

Na 'n intensiewe studie van die 10 jaar van disaffiliasie, soos gerapporteer in *Die Maties* van 1968-78 blyk dit dat al die ou argumente uitgedien en holrug gery is. Hier is dus 'n aantal nuwe argumente aangevoer wat beter inskakel by die nuwe beweging op Afrikaanse kampusse.




**Die Matie**
DONDERDAG, 5 APRIL 1979

# 'n Ware Weerspieëling?

STELLENBOSCH staan helaas vir die soveelste keer in die afgelope tien jaar voor die kwessie van ASB-heraffiliasie. Dit wil voorkom asof die hunkering na heraffiliasie (volgens die nuwe stelsel) juis nou sterker as ooit te vore is. Vir die eerste keer sedert 1968 lyk dit asof die SR-geïnisieerde poging om die saak te heroorweeg tot 'n punt gedryf gaan word.

Die belangrikste vraag is hoe 'n ware weerspieëling van die Studente-unie verkry kan word. Die beoogde referendum wat vir 25 April beplan word, kan beter aan die vereiste van 'n inligtingsverskaffer voldoen as 'n monstervergadering.

Dit is 'n feit dat die Afrikaanse student in die algemeen polities nog onvolwasse en veral oningelig is. Dit geld by uitstek vir die Stellenbosse student se begrip en kennis aangaande die ASB. Die deursnee-student begryp vanweë sy gebrekkige agtergrondskennis eenvoudig nie die weldeurdagde redenasies van 'n handjievol studenteleiers nie. Vir die meeste is die ASB-aangeleentheid maar net nog 'n ingewikkelde twispunt waarmee hy niks te make het nie. Op 'n monstervergadering sal so 'n persoon maklik saam met 'n opgesweepde skare 'n sogenaamde *emosionele stem* uitbring waarmee hy eintlik nie heeltemal saamgaan nie. Hy stem dikwels ten gunste van 'n "verligte" Stellenbosch sonder dat hy werklik besef wat sy stem meebring.

Indien die huidige poging 'n fynbeplande taktiek is wat op die huidige Matie gemik is juis omdat hy nie die trauma rondom die destydse disaffiliasie ervaar of verstaan nie, sou dit 'n laakbare misbruik van onkunde wees. Daarmee wil ons geensins die eerlike oortuiging van die SR-lede onder verdenking plaas nie, maar tog twyfel of die deursnee-Matie werklik glo dat Stellenbosch die denke van die ASB-studente betekenisvol kan beïnvloed. Die gevaar dat die ASB 'n remskoen-effek op Stellenbosch kan hê sonder dat ons dit agterkom, is 'n latente gevaar wat te maklik buite rekening gelaat word. Stellenbosch kan die [illegible] as hulle ons ook verander nie!

Dit is op die ou end die ongesofistikeerde [illegible] met "ongeskoolde" denke wat die besluit moet neem. Daarom is dit elkeen se plig om hom/haarself van die ware toedrag van sake te vergewis.

Om enige saak in perspektief te sien moet die ander kant van die saak juis net so prominent gestel word. Dit is daarom in 'n mate met spyt dat ons verlede week ondervind het dat daar klagtes oor subjektiewe artikels téén die ASB in *Die Matie* was. Ons stel dit onomwonde dat ons in 'n poging om so objektief moontlik te wees, juis albei kante van die saak prominensie wil gee en dat ons sal voortgaan om teenoorgestelde standpunte in een publikasie te plaas. Om daarmee in te meng, is 'n skending van die persvryheid wat *Die Matie* tradisioneel geniet.

## REDAKSIE 1979

HOOFREDAKTEUR: LOUIS HEYNEMAN, Redaksiekantoor: Langenhoven-sentrum 436 en 438. (Tel. 5979) Christellahof 16, Victoriastraat. Boodskappe: Sekretaresse, Studenteraadskantoor, LSS (Tel. 3702).
ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR: KOBUS PIENAAR, Concord 24 (Tel. 2045).
ADVERTENSIE-BESTUURDER: IAN THERON, Silvertrees. (Tel. 2122).
AKTUELE REDAKTEUR: JOHN VAN BREDA, Louwstraat 3. (Tel. 3578).
NUUSREDAKTEUR: JOHAN LÖTTER, Eendrag. (2137).
INTERUNIVERSITÊREREDAKTEUR: MAARTEN MITTNER, Eendrag. (2136).
SPORTREDAKTEUR: KWARTUS SIEBERHAGEN, Dagbreek. (Tel. 3633).
SOSIALEREDAKTEUR: DEON VAN NIEKERK, Son Vida 205.
KUNSREDAKTEUR: ABEL PIENAAR, Paul Krugerstraat 2.
TAALREDAKTEUR: ANDRIES CALITZ, Die Laan 18.
HOOFFOTOGRAAF: MARIUS GREEFF, Van Riebeeckstraat 40. (Tel. 4349).
SUB-REDAKTEURS, NUUS: ERIKA VAN ROOYEN, Hoflaan 14 en COENRAAD PIETERSE, Eendrag.
SUB-REDAKTEUR, INTERUNIVERSITÊR: GERHARD BARNARD, Majuba.
SUB-REDAKTEURS, SPORT: ARI OBERHOLZER, Majuba; LE ROI STEENKAMP, Dagbreek.
SUB-REDAKTEUR, KUNS: PAUL CILLIERS, Dagbreek.
NUUSVERSLAGGEWERS: Francois van der Merwe, Ilse de Villiers, Anton Kruger, Pieter van Niekerk, Pieter D. van Niekerk, Bennie Zietsman, Agnes Hager.
INTERUNIVERSITERE VERSLAGGEWERS: Johan Swarts, Anton Bruwer, Koos Sieberhagen, A.D. van Niekerk.
SPORTVERSLAGGEWERS: Kobus Basson, J.W. Loubser, J.P. Marais, Anne-Lise Lamont, Nico Roux, C. Eloff, N. Vlok, M. Fourie.
SOSIALE VERSLAGGEWERS: Mariette Streicher, Elbert Uys, Launa Marais, Im Naudé, Deon Roussouw, Michèle Alexander.
KUNSVERSLAGGEWERS: Maria Rautenbach, Morlette Lindsay, Japie Pienaar, Rachelle Greeff, Linda Jacobs, Willem Möller.
FOTOGRAWE: Martin Joubert, Wessie van der Westhuizen, Johan Mey.
SPOTPRENTTEKENAARS: Thomas Tyler, Koos van der Riet.
VERSPREIDERS: Nico Steyn, C.L. van Schalkwyk, Sarel du Plessis.
SEKRETARESSE: SANDRA VENTER, Mooi Annie. (Tel. 6523).

# uit die studenteraad

JOHN VAN BREDA BERIG:

OP die laaste SR-vergadering het die hele ASB-problematiek weer baie sterk na vore gekom. Dit het 'n besondere lewendige diskussie afgegee.

Die Voorsitter, mnr. Jan de Wet, het 'n mosie ingedien waarin hy die volgende punte vervat het: dat, a) elke student self moet besluit of hy/sy by die ASB wil affilieer al dan nie, b) díe besluit op 'n referendum, op 25/4/79, uitgebring sal word, c) volgens die stempersentasie van die referendum *pro rata* bereken sal word hoeveel SR-lede namens die studente-unie by die ASB affilieer en d) dat 'n intensiewe inligtingsveldtog deur die Raad geloods sal word om die studente-unie voor te berei vir die referendum. Hierdie keuse vir of teen die ASB moet jaarliks met die SR-verkiesing saamval.

In sy motivering het mnr. De Wet gesê dat daar 'n behoefte by sekere studente bestaan om te affilieer en dat dit niks minder as reg is om húlle belange te behartig nie en dat die hele nasionale atmosfeer in die land vra na dialoog. Die tyd van isolasie waarin Stellenbosch verkeer het, is verby, maar dit beteken nie dat Stellenbosch nou sy pogings tot kontak met Engelse en swart-kampusse wil breek nie.

Mnr. Hilgard Bell het dié mosie sterk teengestaan. Hy het gevoel indien die mosie aangeneem word dit onmiddellik Stellenbosch se posisie as geheel t.o.v. die ASB verander. Hy het dan ook dié vraag pertinent aan mnr. De Wet gevra waarop lg. bevestigend geantwoord het. Mnr. Bell het voorts gevoel dat daar 'n probleem rondom die finansies ontstaan, want elke geaffilieerde lid sou geregtig wees op die ASB-voorregte en dat dit nie duidelik sal wees wie geaffilieer het nie. Hy het toe 'n amendament op dié mosie ingedien waarin punt c) van die mosie hersien kan word en 'n vierde punt by die oorspronklike mosie gevoeg waarin voorsiening gemaak word dat indien daar 'n minderheid tot die ASB wil affilieer die SR punt c) sal kan hersien.

Mnr. De Wet, sowel as mnr. Frans Roelofse, het in sy repliek gesê dat dit nie om die sentrum-affiliasie-stelsel gaan nie. Dit gaan bloot om 'n sin vir regverdigheid om studente wat wel wil affilieer se belange op SR-vlak te verteenwoordig. Die substantiewe mosie is met nege stemme *vir* en twee *buite* stemming aangeneem.

Die Komitee vir Politieke Studies het 'n werkstuk aan die SR voorgelê waarin daar ingegaan is op die probleme rondom die Ontugwet en tot die slotsom gekom dat dié wetgewing uitgedien is. Mnr. Roelofse het voorts 'n mosie ingedien waarin hy die SR versoek het om die strekking van die werkstuk goed te keur.

Mnr. Piet Stofberg het sy waardering vir die strekking van die werkstuk uitgespreek, maar bygevoeg dat dit nie sy persoonlike siening verteenwoordig nie. Mnr. Roelofse het hierop geantwoord en gesê dat die werkstuk hom nie met party-politiese standpunte wil bemoei nie, maar bloot 'n wetenskaplike analise van die saak probeer weergee het. Die mosie is toe eenparig aanvaar.

# Bruinleier Gesels oor Toekoms

MATIE — GESPREK

JOHN VAN BREDA GESELS MET



MNR. FRANKLIN SONN

JOHN VAN BREDA het met die president van die Kaaplandse Professionele Onderwysunie, mnr. **Franklin Sonn**, gaan gesels. Mnr. Sonn is een van die leiersfigure in die bruingemeenskap. Hy het twee jaar gelede met 'n sterk pleidooi vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme, in *Die Burger*, na vore gekom wat ook heelwat reaksie onder akademici op Stellenbosch ontlok het. Vir die totstandkoming van só 'n nuwe patriotisme sal dit nodig wees dat al hoe meer mense hulle rassevooroordele en vrese op die altaar van vrede neerlê, sodat daar 'n sterk "middelgroep" van Suid-Afrikaners opgebou kan word en sodoende die ekstrimistiese groepe in beide die swart- en witgemeenskap kan neutraliseer.

*Mnr. Sonn sou u sê dat daar die afgelope twee jaar iets van die "middelgroep" wat u bepleit het, in Suid-Afrika tot sy reg gekom het?*

Die benaming "middelgroep" is miskien nie so goed nie, omdat dit 'n mate van neutraliteit kan impliseer. Dit sou beter wees om van 'n "derde dimensie" te praat wat naas die ander twee geldende dimensies staan. Dít hang saam met die vraag, nl. wat kom vir jou *eerste* in Suid-Afrika. Is jou eerste oorweging jou besondere identiteit of jou reg tot Suid-Afrikanerskap?

Dit is baie moeilik om ongekwalifiseerd te sê dat hierdie derde dimensie aan die toeneem is, omdat die posisie wat die magshebber inneem van so 'n groot belang is. Indien hy 'n posisie van onderhandeling en toegeeflikheid inneem dan skep hy 'n atmosfeer wat bevordelik is vir die ontstaan van 'n derde dimensie. Maar indien hy 'n hardkoppige houding openbaar plaas hy, uit die aard van die saak, 'n demper op die groei van 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme.

Wat natuurlik ook van groot belang is, is die rol wat gemeenskappe buite die party-politiek speel. Hulle is ook in 'n groot mate verantwoordelik vir welke politieke atmosfeer geskep word. Indien hierdie gemeenskappe sou swyg oor die feit dat diepgaande verandering nodig is, gee hulle 'n mandaat aan die regering om nie te verander nie. Daarom moet julle as studente-gemeenskap op Stellenbosch nie huiwer om werklike diepgaande verandering voor te staan nie, want sodoende kan julle 'n atmosfeer help skep wat die regering sal aanhelp om te verander. Slegs diepgaande verandering sal daardie derde dimensie tot stand kan bring.

*Sou u sê dat die sogenaamde nuwe bedeling van die Regering bevordelik is vir so 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme?*

Dit is belangrik in díe sin dat dit 'n herdefinisie is van blanke politieke benadering. Dit het dan die belangrike gevolg dat die swart politieke groepe ook gedwing word tot 'n herdefinisie van hulle benadering en dit skep 'n klassieke atmosfeer van onderhandeling.

In die mate wat die Regering met hulle nuwe planne die gevoel gee dat hulle na 'n nie-rassige Suid-Afrika beweeg, sal ek dit as bevordelik vir 'n nuwe Suid-Afrikaanse patriotisme beskou.

*U het dit ook duidelik gestel dat hierdie nuwe patriotisme noodsaaklik is om die wind uit die seile van die Marxistiese ideologie te haal. Wil u nie meer hieroor uitwei nie?*

Die Marxisme is 'n ideologie wat teer op 'n verdeelde situasie. Met ander woorde, hoe meer verdeeldheid daar in 'n stelsel of gemeenskap bestaan, hoe groter is die vatbaarheid vir die Marxisme. Maar in 'n oop en onverdeelde gemeenskap het dié ideologie byna geen kans nie.

In ons strewe na 'n nuwe patriotisme moet ons dus mik na so 'n oop en onverdeelde gemeenskap. Om Marxisme bloot met die wapen te bestry is nie genoeg nie, maar moet ons so 'n atmosfeer skep sodat dit die vatbaarheid vir die ideologie uitskakel.

*Die jeug het tydens die '76-onluste baie prominent na vore gekom. Watter invloed het dit op hulle denke gehad? Watter gevoelens leef daar vandag in hulle harte?*

Ek sien die jeug op twee maniere. Eerstens het hulle 'n baie sterk sin vir regverdigheid. Hulle beskou die huidige toedrag van sake as wesentlik onregverdig en namate daar nie diepgaande verandering plaasvind nie, sal dié gevoel toeneem.

Die tweede aspek wat ek by die jeug opmerk, is 'n gevoel van onafhanklikheid of selfstandigheid. Die jeug besef dat as hulle nie self sal stry vir dit wat wesentlik aan hulle toekom nie, niemand dit vir of namens hulle sal doen nie.

*Dit is nou ook weer so dat daar vanuit die geledere van die witjeug gevoel word dat die swartjeug te radikaal geword het in hulle eise en werkwyses en dat daar 'n steeds groter kloof ontstaan, sodat die kanse op 'n nuwe patriotisme al hoe skraler word.*

Ek wil dit weer eens beklemtoon dat dit van die magshebber afhang in watter mate hy vashou aan dit wat aan die swartman toekom. Hulle plooibaarheid, al dan nie, sal die graad van radikaliteit by die swartman bepaal.

Ek dink ook dat die witjeug deur 'n skokperiode gaan, want die witman was altyd gewoond daaraan om die swartman te "hierjy" en nou het die posisie aansienlik verander. My raad aan die witjeug is dat hulle nie dinge "vir" die swartman moet doen nie, maar omdat hulle eie gewete vir hulle daartoe moet aanspoor. Die swartman kan baie gou agterkom as iets uit paternalisme gedoen word. Julle moet eerder dinge doen omdat julle daarin glo, want dít is per slot van sake wat die swartjeug sal oortuig en 'n al groter atmosfeer vir daardie derde dimensie sal skep. As julle van julle kant hard genoeg werk in die dinge waarin julle glo, en die swartjeug werk hard genoeg aan die dinge waarin hulle glo, is dit nie idealisties om te glo dat die twee groepe uiteindelik bymekaar sal uitkom nie. Dit veronderstel natuurlik dat albei groepe in dieselfde dinge sal glo en na 'n gemeenskaplike doel sal werk, nl. 'n nie-rassige Suid-Afrika waarin meriete eerder as rassistiese maatstawwe sal geld.

*Wat die bekomming van regte betref is daar baie keer die argument dat die bruinman homself eers sosio-ekonomies moet ophef soos die Afrikaner jare gelede gedoen het.*

Ek dink geensins dat daar 'n gebrek aan inisiatief of wil by my mense bestaan om hulself op te hef nie. Daar is sekere strukture wat my mense verhoed om hulself op te hef. Daarom is dit nie regverdig om ons met die Afrikaner te vergelyk nie omdat hy toegang gehad het tot politieke strukture wat vir my mense geslote is. Opheffing kan nie sonder effektiewe inspraak in die politieke strukture geskied nie.



*Rozanne le Roux van Erica is die debutante van die jaar! Sy het die bedrag van R2 374 ingesamel en daarmee 'n reis oorsee gewen. Die debutantes het soos gewoonlik weer die grootste bydrae tot die rekordpoging van R141 000 gemaak. Op die foto verskyn v.l.n.r. Jeanne Henning (verlede jaar se wenner en organiseerder), Rozanne, Mev. Chris Heunis, wat die prys oorhandig het, en Piet Uys, hooforganiseerder van die debutantes.*

# SA — EENPARTY-STAAT?

BY 'n byeenkoms van SAAK verlede Dinsdagaand het min. F.W. de Klerk die sluier gelig oor die merkbare tendens van 'n eenpartystaat binne die konteks van die Suid-Afrikaanse partypolitiek. Die minister het so 'n stelsel onomwonde verwerp.

Minister de Klerk het die Suid-Afrikaanse situasie kortliks geskets, en die demokratiese proses van regering binne Suid-Afrika pertinent vooropgestel. Hy het daarop gewys dat die opposisie slegs 18% van die Volksraad beklee. Tydens die laaste wantroue-debat het die opposisie 44% van die beskikbare tyd gehad om sy kant van die saak te stel.

### EIE REGTE

Die idee van 'n demokratiese bestel is deurgaans prominent genoem. As voorbeeld het min. de Klerk die selfbeskikkingsreg van Suid-Afrika se inheemse bevolkingsgroepe genoem. Die opstellers van die nuwe grondwetgewende voorstelle maak *per se* daarop aanspraak dat die blankes in Suid-Afrika slegs dít opeis wat hulle aan andere gun. In hoeverre dit toegepas word, bly egter 'n ope vraag in die geledere van die ander bevolkingsgroepe.

Op 'n vraag of die "verskille" in die Suid-Afrikaanse samelewing nie oorbeklemtoon word nie, het min. de Klerk geantwoord dat dit in sommige opsigte wel so mag wees. Maar om by die verskille verby te kyk, sal heeltemal verkeerd wees.

### SELFBESKIKKING

Die besluitnemingsbevoegdheid van die blankes het ook onder die soeklig gekom. Hieroor het die Minister baie sterk standpunt ingeneem. Hy het daarop gewys dat die VKR nog nie van al die mag tot sy beskikking gebruik maak nie. Die onafhanklike tuislande is volwaardige state in die ware sin van die woord en het niks met Suid-Afrikaanse besluitneming te doen nie.

### OPLOSSING

Ter afsluiting het min. de Klerk gesê Suid-Afrika se oplossing van sy konstitusionele probleme lê in 'n konstellasie van state, elk met sy eie demokratiese struktuur.

# PARLEMENT: HOE WORD LEDE VERKIES?

EEN van die kernprobleme van die Studenteparlement in sy huidige vorm, is dié van verteenwoordiging. Dit is een van die aspekte van die Studenteparlement wat op 28 Maart by 'n oop gesprek van die ASVS oor die rol en funksie van die Studenteparlement, ter sprake gekom het.

Pieter Marais, wat saam met Piet Naudé as spreker opgetree het, het die kwessie van verteenwoordiging as een van die kernprobleme van die Studenteparlement uitgelig. Die wyse van verkiesing is nie uniform nie, en daar is geen vaste beginsels waarvolgens lede verkies word nie. 'n Vereniging wat 'n ledetal van 20 het, is geregtig op een verteenwoordiger, soos ook 'n vereniging soos die CSV, met 'n ledetal van om en by 3 000 het.

### OMWERPING

Die redenasie dat die Studenteparlement meer verteenwoordigend as die SR is, geld dus glad nie. Die huidige situasie kan daartoe aanleiding gee dat die Studenteparlement maklik deur 'n radikale groep beheer kan word. 'n Verdere probleem in verband hiermee is dat 'n vereniging soos byvoorbeeld die BTK, wat primêr 'n diensmotief het, nou gedwing word om politieke uitsprake te gee.

Alhoewel Pieter Marais meen dat die huidige struktuur van die Studenteparlement onbevredigend is, is hy nie *per se* teen 'n Studenteparlement nie. Hy stel egter voor dat die SR vergroot word, sodat hulle die rol van 'n Studenteparlement kan vervul.

Piet Naudé, die huidige voorsitter van die Studenteparlement, voel dat die Studenteparlement 'n belangrike rol vervul, aangesien dit aan die studente die geleentheid bied om op eksperimentele wyse met die politiek kontak te maak. Hy voel dat Stellenbosch op die oomblik 'n leierskapskrisis beleef; ook hier kan die Studenteparlement 'n belangrike bydrae lewer deur geleenthede aan potensiële leiers te bied. Die gevaar bestaan egter dat die Studenteparlement in 'n intellektuele kliekgroep kan ontwikkel, sonder enige bande met die gewone student. As 'n mens na die mosies wat op die eerste twee sittings voorgestel is, kyk, sal jy besef dat hierdie 'n wesenlike gevaar is.

# MOSIE AANVAAR

TYDENS die spesiale Studenteparlementsitting op 26 Maart is 'n mosie, ingedien deur mnr. Chris Heymans en gesekondeer deur mej. Kotze, aangeneem waarin by die SR aanbeveel word dat 'n komitee, bestaande uit Studenteparlementslede, aangestel word om spesifieke riglyne neer te lê ten einde helderheid te verkry oor die posisie wat Stellenbosch binne die breëre landspolitiek inneem.

Sodanige riglyne behoort los van die partypolitiek te staan, maar moet tog op realistiese wyse daarmee rekening hou. Riglyne wat aanbeveel word, is dat etnisiteit erken moet word, die beginsel van een mens een stem verwerp word, terwyl die interafhanklikheid van die onderskeie groepe erken moet word en totale skeiding dus net so verwerplik as meerderheidsregering is, dat aandag gegee word aan 'n konsensusstelsel wat ruimte laat vir 'n federale- of konfederale stelsel, en dat spesifieke aandag geskenk moet word aan die ingewikkelde problematiek rondom die posisie van die stedelike swartman.

Die voorsteller, mnr. Chris Heymans, het gesê dat die mosie nie wil voorskryf wat gedoen moet word nie, maar wel wat ons nié wil hê nie, nl. meerderheidsregering of totale skeiding. Alhoewel die riglyne los van die partypolitiek behoort te staan, moet daar veral aan die NP-beleid aandag geskenk word.

### STELLENBOSCH

Stellenbosch moet homself as 'n gematigde denkgroep bewys. Dit wil egter nie sê dat hy bloot 'n naprater van die Nasionale Party moet wees nie. Daarom die riglyne oor die posisie wat Stellenbosch binne die landspolitiek moet inneem.

### STATUS QUO

Mej. Kotze, as sekondant, het gesê dat geen spesifieke partybeleid gepropageer moet word nie, maar dat handhawing van die status quo in die toekoms onmoontlik sal wees. Ons moet realisties wees. Die stedelike swartman is en sal altyd met ons wees.





DIE MEESTE BANKTYD VIR DIE BESIGE STUDENT

**Weekdae 8 vm. - 4.30 nm. (Woensdae ook)**
**Saterdae 8 vm. - 11.30 vm.**

Dit is 13½ uur meer per week — so goed soos 1½ dag ekstra elke week.

Ons Stellenbosse studentesakebestuurder, mnr. Tobie le Roux, nooi studente vir 'n koppie tee of koffie by ons gerieflik geleë kantoor



*Mnr. Tobie le Roux*

in Die Trust Bank-sentrum, Andringastraat, Stellenbosch. Tel. 71200.

Spesiaal ontwerpte knipbord-vouers is gratis beskikbaar aan Trust Bank-spaarrekeningkliënte. Ons bied ook alle bouverenigingdienste.

Daar wag 'n nuwe wêreld vir u by Die Trust Bank.

DIE TRUST BANK
Gereg. Algemene Bank

dcVS595/688A

# perspektiewe en dinge

**kobus pienaar**

OM verskoning te maak vir 'n fout wat ander mense dink jy begaan het, is seker nie maklik nie. Ek is jammer dat ek sommige lede van die Publikasiekomitee (wat namens die studentemassa praat) aanstoot gegee het met my Hollandse brandewyn-opmerking – dit is beter as ek glad nie eers die naam noem nie – in die vorige uitgawe van *Die Matie.* Ek beskou die grappie as 'n naïewe penglips en sal in die toekoms probeer om meer ag te slaan op die gevoelens van die breë studentemassa.

Ek hoop dat die saak hiermee afgehandel is. Kom ons praat bietjie *Oude Meester* op die tuisfront.

### KINDERAGTIGE ONDERONSIE

Die jaarlikse Redakteurskonferensie vir al die studentepublikasies (altans dit is veronderstel om almal te wees) het toe mos op Stellenbosch plaasgevind. Hoe dit ookal sy, die linkses en regses (dit is nou SASPU en ASPU, oftewel South African Students Press Union en Afrikaanse Studente Persunie onderskeidelik) stuur toe elk 'n afvaardiging van slegs vier lede. Stellenbosch behoort, volgens tradisie, nie aan een van bogenoemde organisasies nie. Hoewel die verminderde getal afgevaardigdes die verloop van die konferensie ietwat sou strem, moet mens toegee dat beide organisasies patrioties genoeg was om koste en veral petrol te bespaar – hiervoor gee ek hulle krediet.

Probleme het egter onstaan toe ASPU se manne opdaag as waarnemers. Dit het beteken dat vier uit die groep van sestien lede van die konferensie met honderd ag-en-twintig tande (hoop ek) in die mond sou sit, sonder om enige bydrae tot die konferensie te lewer. Hul kakebene het wel goed te pas gekom [illegible] opgedaag het.

SASPU, soos dit die Engelssprekendes betaam, moes natuurlik "difficult" raak. Saterdagoggend om nege-uur, weier hul toe om voort te gaan met die bespreking omdat ASPU passief teenwoordig was. Tot middagete moes die neutrale res luister na verwyte wat oor en weer geslinger is. Dit was hierdie kant toe en daardie kant toe, met halfhartige kompromieë van beide, maar geen ooreenkoms kon bereik word nie.

Om twaalfuur was dit breekpunt. Op 'n dramatiese wyse het SASPU toe verklaar dat hul die res van die konferensie gaan boikot. Die gevolg hiervan was dat die res van die verrigtinge in Afrikaans voortgesit is.

### 'N TELEURSTELLING

Vir die rubriekskrywer, persoonlik, was dit taamlik teleurstellend. Daar was baie reëlings en uitgawes aan die konferensie verbonde – ons moes ewe gedweë toekyk hoe 'n kinderagtige onderonsie die hele doel van die byeenkoms [illegible].

So tussen die selfbejammering [illegible] (mens sit altyd en dink aan al die lekker "dates" wat afgestel moes word om die konferensie by te woon) kon ek nie help om die petalje binne die konteks van Suider-Afrika te sien nie. As ons as blankes só onder mekaar stry, hoe gaan ons eendag samewerking bewerkstellig met die ander rasse binne die grense van ons land?

### EEN GROOT FRUSTRASIE

Terwyl die boom van die brandewynglas al amper droog is en die humeure al so ietwat begin sak het, wil ek terugkeer tot die meer alledaagse dinge van die kampus.

'n Dameskoshuis is vir menige man seker een van die grootste bronne van frustrasie. Telkemale het ek al tot die binneste duisternis van so 'n inrigting deurgedring (dit is nou tot in die voorportaal – om alle twyfel en misverstand uit die weg te ruim) om my dan soos 'n Robinson Crusoe alleen op 'n eiland te vind. Daar is dikwels nie 'n enkele teken van lewe nie en as mens sou skreeu (deels uit frustrasie en deels om iemand se aandag te trek) sal mense jou aansien vir 'n malle. Dit voel baie keer soos ure wat mens in die voorportaal staan en hoop dat een of ander barmhartige Samaritaan so vriendelik sal wees om te help. Mens kan verstaan dat hulle soms soos Leviete probeer om jou nie raak te sien nie – die koshuisgange is somtyds lank en dikwels drie verdiepings hoog.

Van selfhelp is daar ook nie sprake nie. Aan koshuisreëls is daar maar min salf te smeer; reeds in 1977 het die Prim-komitee besluit dat koshuise oopgestel behoort te word. Die saak is in die hande van die owerhede gelaat en daar het dit ook bly vassteek. Om daaroor te gesels, is nutteloos.

### TOUTJIES TREK

Meeste dames het natuurlik vindingryk geraak met die installering (gewoonlik is dit die gefrustreerde mans wat dit doen) van klokkies wat volgens elke klanksmaak aan die vensters hang. Vir buitestanders lyk dit seker of Stellenbosch maar min weet van ingenieurswese; ek glo darem nie die toutjies sal help om die mure regop te hou nie. Mens dink onmiddelik aan die goeie ou dae toe tente nog sulke stringe toue gehad het; 'n mens kon dikwels geen kop of stert van die storie uitmaak nie. (Nogmaals 'n frustrasie.)

Gaan staan bietjie by een van die toutjies – dit is nogal moeilik om 'n enkele te kry – hul is dikwels so in mekaar gestrengel dat wiskundige presiesheid nodig is om agter te kom by watter venster watter toutjie se klokkie sal lui. As mens die ketting so slag trek speel dieselfde ritueel hom telkemale voor jou af. Die gordyn ritsel eers voordat die meisie (hopelik nie die kamermaat nie) haar kop by die venster uitsteek, amper soos 'n joos-in-sy-doos (jack in a box – om alle misverstand weer eens uit die weg te ruim). Die verskil tussen 'n marionet en hierdie poppespel is dat die "pop", wie se bewegings deur die trek van die toutjie beheer word, bo is en die trekker sy nek van onder af moet rek om te sien of hy die regte beweging uit die regte meisie kon kry.

### MATIES WEN, MATIES WEN . . .

Die nuwe Dok Craven-stadion is toe mos op 'n hoë noot geopen. Na 'n ietwat teleurstellende atletiek-intervarsity met Tukkies, sowat 'n maand gelede, kan Stellenbosch met reg trots wees op sy rugbyoorwinning van verlede Saterdag. Soos president Vorster gesê het – ons is die *beste* universiteit in die land. Niemand kan sê dat dit nie lekker is om 'n Matie te *is* nie.

Volgens dr. Kosie Gericke se toespraak het dit geblyk dat die Inligtingdebakel só deel van ons samelewing geword het, dat dit selfs nie uit rugby gehou kan word nie.

# Muggies in die Neus

"DIE sewe gelukkige pryswenners sal binnekort aangekondig word. Ja, u het reg gehoor – altesaam sewe persone het daarin geslaag om al die vrae korrek te beantwoord! " Die organiseerder van die kompetisie ten nate van OESTOR, Tos Tosch, maak sy keel skoon voordat hy vervat: "As organiseerder van die unieke kompetisie waarvan niemand voor die tyd geweet het wat die pryse is nie, en daar tog derduisende inskrywings was, is dit vir my 'n voorreg om aan te kondig wat die sewe pryse is."

Die skare beur opgewonde met stywe nekke teen mekaar. Byna sesduisend studente staan ingeryg in die loopgang van die LSS met hulle koppe na bo gedraai. Tos staan op die derde verdieping en waai die megafoon in sy regterhand om stilte te gebied.

Van bo af is die koppe wuiwende grassade in die wind soos die mense hulle nekke nou en dan ronddraai om die styfheid uit te weer. Sommige het selfs die nag daar deurgebring. Soveel opwinding is nog nooit voorheen op die kampus gesien nie. Tos druk sy elektroniese horlosie – dis nou 06h39. Hy het vannag op advies van die reklame-afdeling sommer in een van die kantore geslaap. Die afgelope week kon mens die spanning al op die kampus voel oplaai. En nou was dit die hoogtepunt. En dit het aan Tos behoort.

So baie nagte het hy wakker gelê om hierdie dag 'n werklikheid te maak. Eers moes die kompetisie haarfyn beplan word – ook die pryse was ontsettend belangrik. Hy moes verskeie komitees en baie ondervoorsitters se goedkeuring kry, maar hy het geen steen onaangeroerd gelaat nie. Hierdie kompetisie sal nie lig vergeet word nie.

Die radio in sy hulporganiseerder se hand krap elke keer as een van die kontakmanne vanaf hulle poste verslag doen oor die toestand in hulle onmiddellike omgewing. Dit wil voorkom asof die skare nie nog groter word nie – die radiomanne sowat tweehonderd meter van die LSS het so pas gerapporteer.

Tos waai weer met die megafoon sodat diegene wat hom kan sien stadig begin kalmeer. Hy laat sy glimlag vir 'n paar oomblikke vries as hy fotograwe met telefoto-lense in die massa opmerk.

Die stilte kring wyer oor die koppe. Vir Tos word die stilte soos dit die eerste skeppingsdag moes gewees het. Dit word stil, o, so stil. Al wat Tos op die oomblik hoor is die gegor van sy hulporganiseerder se maag. (Hy sal hom later hieroor moet aanspreek.)

Dit is 06h59 op hierdie lieflike Maandagmôre. Die uur het geslaan.

"Soos ek gesê het, as die hooforganiseerder van hierdie unieke kompetisie is dit vir my 'n voorreg om die sewe pryse aan te kondig. Ek gaan egter afwyk van die gewone prosedure omdat dit so 'n unieke kompetisie is. Die sewe besonder gelukkige wenners is: Hennie Thom, Jan Unus, Richelieu Craven, Piet Potlood, ACS Veldman, Colin Liber en die enigste dame: mej. Skoon Huid. En hierdie sewe, dames en here, wen elkeen," en Tos se stem tril van ekstase "'n komplimentêre kaartjie vir die SR-vergadering eerskomende Woensdagaand! "

Tos wag op die applous. Niks gebeur nie. Hy staan so met die glimlag en hande in die lug. Vir 'n oomblik lyk dit asof hy sy balans gaan verloor sodat juffrou Skoon Huid 'n gil oor die stilte rek.

Asof dit die teken was waarop almal gewag het, begin hulle wegstap en Tos bly alleen oor met die stille verdriet.

*(Volgende keer: Die vergadering.)*

**PIETER MARAIS**

# Ou Wyn in Nuwe Vate . . .



*'n Moderne behoefte*

DIE moderne mens is so besig met homself dat hy telkens vergeet dat hy saam met ander leef. Hy kan nie meer bekostig om tyd in te ruim vir sy lewe saam met ander nie. As hy werklik ernstig wil gesels, vind hy dit moeilik. Mense het vir hom vreemd geword, en niemand deel die skatte van sy hart met iemand wat dit dalk kan vertrap nie.

Gevolglik is daar baie studente sonder hartgenote, wat vereensaam en geestelik en fisies siek word. Gewoonlik verberg hulle hierdie wesenlike, maar onbevredigde, gehoefte aan kommunikasie agter ligsinnigheid of intellektuele relase.

Die moderne persoonlike werker kan gevolglik nie meer die traktaat-uitdelende seepkis-evangelis wees nie, maar sal primêr 'n luisteraar moet wees. So sal die moderne christelike gemeente die gemeente moet wees waar eensaamheid opgehef word, waar mense waarlik kan gesels en luister en vriende van mekaar en van God kan word. Dit sal die warm tuiste vir eensames uit 'n koue wêreld moet bied.

**CALLIE VAN HEERDEN**

# The other side of the mountain (15)

*God made man in His own image* – Genesis 1:27.
*Man made God in his own image* – Jethro Tull.
*God is dead – Nietsche; Nietsche is dead – God* – Graffiti.

THIS shows the evolution of ontology. We began in fear and persevered in faith until the arrogant artist told us to stop snivelling and to listen to his cheeky songs. Whereupon the philosopher gave this cheek a rational foundation. But everything didn't go off as well as we expected; for, by ridding ourselves of the hallow, we were left with something hollow.

He shivers. It is cold on the mountain. As cold as charity. In the distance he can hear the "moederkerk" chiming, spraying the hours magnanimously over the little town. "Moeder" sounds strange on his lips though, for he finds it hard to imagine warmth in the church, let alone affection, It commands one only to respect and awe. And yet it can act as an irrepressible lode-stone for couples that happily respond to its pull – once a week. Sisyphus watches their hand in hand progress with a pang of jealousy. He knows that he can never be like them.

Why?

The Reformation, he says, was necessary, because it rid us of our superstitious medieval personalities. At that time little distinction was made between the spiritual and temporal worlds. But Protestantism in its present form has come to the end of the road. The Principle-presided tombstone no longer satisfies us; and the "pie in the sky when you die"-clause seems remote to us now. Our religion must be made more concrete if it is once more to find its place in the community.

This does not mean that we must revert to the earlier practices of Catholicism where ones belief is cluttered up with icons, Latin incantations and sainthoods which come at a dime-a-dozen. Mystery and miracle have had their day. It means that we concentrate on what is of essential human concern in the Christian religion. Most of us are children of our time and it is for this reason that the Scriptures don't grab us as much as the popular religion of literature, music and art. When the Beatles claimed to be more popular than Jesus Christ they were telling the truth. But so what? Christ does not need to be popular; he is part of us. His is easily the greatest single influence on Western morality, he even finds support on the African and Asian continents. Is this not enough?

"I confess that I find it difficult to relate to the Scriptures. But the Saviour of my childhood, the gentle Jesus, meek and mild, has not withered and died. In Lawrence's lamb and Blake's outraged innocence he has grown from strength to strength: I can even see him in Camus' strange but potent solidarity with his fellow man. The ineffable love he showed to us has guaranteed that we return this love.

"When Max Ernst painted his *Virgin spanking the Infant Jesus before three witnesses*, he shocked the public at large by depicting a madonna with her hand raised in anger, and a baby with a fallen halo. To simply label this as blasphemous shows insensitivity and a false sense of piety. Impish irreverance does not deny the Christian credo. However much the *Immaculate Conception* might be catechized into us, our simple human-ness can't help us from sometimes regarding Joseph as a cuckold and Mary as a rather watery maiden. This feeling is heightened when we find Mary made not only a symbol of motherhood but also *an object of worship.* If on the other hand he had given us a malicious caricature of Christ, our sensibilities might have been hurt, and with a little more reason." Sisyphus has, I hope, made his criticism of Christian "touchiness" a little more palatable for his Calvinistic and Anglican readers.

The truth of the matter is that he is equally critical of the Protestant tradition. Fortunately we can paraphrase what he has to say.

Both Catholics and Protestants used to claim a monopoly on heaven. But the Puritans were more finnicky in working out the details of the contract that would see them through the narrow gate. They perfected the creed of a "chosen people". The Afrikaner is the Puritan in Africa. His sincerity is unimpeachable. But even in *verligte* Stellenbosch one can see the more odious side of his character: – a tendency to equate a rigid notion of a "chosen people" with an even more rigid notion of nationalism.

Those who have not enjoyed reading this may console themselves with the following: – the Sisyphus of mythology was struck by a bolt of lightning. Apparently he climbed too high up the mountain.

**JOHN McCALLUM**

# En wat word dan nou van die demokrasie?

CHRIS HEYMANS, BUITEKRING 17, skryf:

ONS huidige SR het heel goed afgesit, en is reeds baie beter as hul direkte voorgangers. Wat egter opvallend was tydens die vergadering op 28 Maart, was die simptome van òf gebrekkige ervaring, òf politieke- en filosofiese onsensitiwiteit òf ideologiese bekrompenheid wat lede blind maak. Ek verwys na die debat oor mnr. Jan de Wet se mosie oor gedeeltelike SR-affiliasie by die ASB en die voorgenoemde referendum oor lidmaatskap van dié organisasie. Ek het dit oor die bespreking van mnr. Hilgard Bell se amendement dat die SR hul besluit om wel gedeeltelik te affilieer, in heroorweging sal neem indien 'n minderheid van die kiesers vir die ASB sou stem.

My hele probleem met die referendum is dat dit nie 'n vraagstelling aan die studente-unie is om oor 'n verandering van die status quo te besluit nie. Die SR het reeds besluit dat daar gedeeltelike SR-affiliasie sal wees.

**Mnr. Bell het die argument aangevoer dat, sou die minderheid van die studente-unie pro-ASB wees, die SR nie kan affilieer nie. Stellenbosch is 'n lid van die ASB, sodra die SR gedeeltelik of ten volle geaffilieerd is. En sou dit demokraties kon wees indien 'n minderheid dit só verkies en dit word steeds deurgevoer?**

Met die uitsondering van mnre. Koornhof en Stofberg, kon die ander lede wat aan die bespreking deelgeneem het, blykbaar nie mnr. Bell se probleem insien nie. Die voorsitter beskuldig hom o.a. toe daarvan dat hy *teoreties* praat. Dit is juis 'n teoretiese saak! Mnr. Bell se amendement had op aarde niks te doen met die praktiese voor- of nadele van die ASB nie. Dit het primêr gegaan oor die erkenning van die demokratiese teorie en -beginsels in die besluitneming oor die saak.

### MINDERHEIDSGROEPE

Mnr. Roelofse het die vreeslikste analogieë met ander minderheidsgroepe op die kampus getref. Hulle word almal verteenwoordig, sê hy. Die SR verteenwoordig almal, minder- of meerderhede. As dit so is, hoekom dan nie ook die handelstudente op AIESEC nie, Nusas-mense op Nusas nie?

Mnr. Deon de Kock vertel dat *geen kampus* nog aan die ASB behoort nie, slegs individue. As dit so is, waarom bestaan daar dan nie verenigings op alle kampusse om daardie individue te verteenwoordig nie? Die Studenteraad verteenwoordig die studente-unie, nie individue nie. Hy maak voorsiening vir minderhede, maar wie is hierdie minderhede om die hele SR op te eis? Is die SR dan nie die gemeenskaplike, demokraties-verkose besit van die hele studente-unie nie? **Wil hulle dan nou teen die wense van die meerderheid, en ten koste van die meerderheid, die minderheid se belange dien?** Die hele studente-unie se geld gaan mos gebruik word om 'n minderheid by die ASB te affilieer, indien die "ja-stemme" by die referendum in die minderheid is.

### DOEL VAN REFERENDUM

Die doel van die referendum moes eintlik gewees het om vas te stel of die studente-unie hoegenaamd SR-affiliasie, in watter vorm ook al, steun of nie.

'n Eerlike reaksie op hierdie amendement, of 'n meerderheidstem vir die ASB, is al wat staan tussen Stellenbosch en *BAIE AKSIE*.

*(Verkort. – Red.)*




*Dinamiet kom in klein pakkies.*
(Huis Marais, 'n klein koshuis, het vanjaar die interkoshuis-bokstoernooi gewen.)

# ASB: VERANDERING WEL TE BESPEUR

JOHANN MULLER, MAJUBA, skryf:

SOOS menige Matie-student en soos ook vermeld in 'n artikel in *Die Matie* (23 Maart), is ook ek nou al keelvol vir die jaarlikse stryd rondom ASB-heraffiliasie. Die feit dat geen SR-termyn sedert disaffiliasie (1968) kon verstryk sonder om oor heraffiliasie te besin nie, dui egter op die relevansie van hierdie twispunt.

Die opskrif van die genoemde artikel *ASB het maar min verander*, is geensins 'n weldeurdagte stelling nie. Dit weerspieël die naïwiteit en bewuste subjektiwiteit wat deurgaans in die artikel na die oppervlakte kom. Daar word o.a. genoem dat *die ASB vrymoedigheid gehad het om die regering te waarsku om nie liberalistiese en humanistiese weë te volg nie.* Verder word die Brown-mosie van dertien jaar gelede aan die ASB van 1979 se adres gerig. Die Brown-mosie word dan as die grootste rede vir Stellenbosch se disaffiliasie aangevoer; 'n saak wat vandag irrelevant is.

Miskien kan ek die geagte artikelskrywer wys op die twee jongste *Asbeelde* (gereelde studiestuk van die ASB) wat handel oor *Kruispad* en *Rassisme*. Hierdie studiestukke, geïnisieer uit ASB-geledere, dien as bewys dat die ASB tred hou met die tyd en vraagstukke van die dag, op 'n nugtere en wetenskaplike wyse aandag verleen aan hierdie indringende vraagstukke, dit prinsipieël begrond, 'n positiewe bydrae lewer tot 'n sinvolle naasbestaan, en geensins verstard in denke of staties in beweging is nie.

Saaklik word dit gestel. *Die ASB het verklaar dat hy nie sal toelaat dat nie-blanke sprekers (leiers) sy kongresse toespreek nie.* Gedurende die 31ste Bondskongres (9 – 12 Julie 1979 te Stellenbosch) sal vyf sprekers referate lewer, waarvan drie andersgekleurdes is. Dan klink die refrein *ASB het min verander* heel onvanpas.

### MEKAAR BEVEG

'n Verband word tussen die ANS en die OB getrek. Histories gesproke het die ASB nie uit die ANS gegroei nie, maar wel uit reaksie daarteen. Die OB-manne was in die ANS en die *Malaniete* in die ASB. In Pretoria het ASB en ANS mekaar beveg.

**Om Stellenbosch se isolasie heeltemal aan die adres van die SR te rig, is seker nie heeltemal getrou aan die waarheid nie. Hulle moet wel inisiatief aan die dag lê, maar ook die massa, wat tog jaarliks die SR daarstel, of voed, kon nog nooit iemand te voorskyn bring met 'n sinvolle alternatief om die isolasie te ontkom nie. Indien die SR die inisiatief t.o.v. heraffiliasie neem, behoort hulle poging om Stellenbosch uit die kloue van isolasie te bevry, slegs die hoogste lof toegeswaai te word.**

Die *verkrampte aanslag* en noodkrete aangaande mnre. Fismer en Wasserman is te betreur. Die wanindruk kan geskep word dat hierdie here heeltemal *geslote* vir ander oortuigings of oop gesprek is (die fiktiewe term *verlig* dui op 'n bepaalde openheid). Verder jaag die skrywer onnodig spoke op met sy onheilsprofesie aangaande die volgende ASB-president. Ek weet nie watter orakel hy nou reeds voor die Kongres raadpleeg nie.

Dit is eienaardig dat die artikelskrywer, wat nog nooit op 'n ASB kongres was nie, die argumente aldaar as argaïes afmaak. Dan gebruik hy spesifiek die werkwoord *luister*. Sy inligting, ook aangaande die retoriek, berus op hoorsê of persberigte. Die sieklike verwysing na HNP-kringe, is nie kommentaar waardig nie.

**Die kwessie van die werkswyse waarop Stellenbosch moontlik kan heraffilieer, het nog geensins 'n staat van finaliteit bereik nie. Elke kampus se metode van affiliasie is tog 'n interne reëling wat na omstandighede geskik kan word. Op noordelike kampusse is doelbewus moeite gedoen om mense wat wil disaffilieer in staat te stel om, sonder enige inspanning, te disaffilieer. Die lae syfers van disaffiliasie as resultate was onlangs in ons dagblaaie.**

In dieselfde uitgawe van *Die Matie* (23 Maart) is 'n berig oor die ASVS-mosie aangaande heraffiliasie. Daarin word o.a. melding gemaak van *die nuwe rigting wat die ASB-hoofbestuur inslaan t.o.v. formele en informele kontak met Nusas en anderskleurige universiteite en instansies (pt. 40), asook die daarstel van Asbeeld om debat en kritiese denke, binne die ASB self, te stimuleer.*

Wie kan nou nog sê: *Die ASB het maar min verander?*

*(Brief verkort.)*

**Maarten Mittner, antwoord:**

*Die stelling dat daar vir Stellenbosch net twee keuses bestaan – nl. heraffiliasie by die ASB of voorgesette isolasie, is na my mening foutief. Daar bestaan wel 'n derde keuse, dit word net nie doeltreffend genoeg benut nie. Hierin speel die SR 'n groot rol.*

*Die powere redes om te bewys dat die ASB wel verander het, staaf net my oorspronklike stelling dat die ASB maar min verander het.*

### DEON DE KOCK, DIE LAAN 6, skryf:

EK neem kennis van mnr. George Rauch se brief in *Die Matie* van 23 Maart. Ek en Tollie Oosthuizen ag dit nie die moeite werd om hom hierop te antwoord nie.




# DAMES WORD PRODUKTE VAN REËLS

MEJ. R.J. SCOTT, IRENE-DAMESKOSHUIS, skryf:

WAT het geword van Administrasie se sin vir humor? Geen strooptogte mag plaasvind nie – wat behels 'n strooptog? – messegoed steel. Weg is die ook studentepret van ons akker, die lekker *om 'n Matie te is* en hiermee gepaard Stellenbosch se gees. Maar die ergste vir my is die Administrasie se nuwe reël wat ingebring is – geen partytjies mag in kamers plaasvind na elfuur nie. Is ons nog nie oud genoeg om ons eie slaap-, swot- of koffiedrinktye te kies nie? Dit is vir my 'n belediging dat ons dames altyd moet voorgesê word wat ons mag en nie mag doen nie. Verlede jaar by die SR-verkiesing is dit herhaaldelik aan ons belowe dat ons dames meer vryheid sal kry, maar soos dit nou vir my lyk, word ons slegs produkte van Administrasie se konserwatiewe wette.

## Neem Kennis

MEJ. G.A. LOUW soek 'n waardevolle silwer borspeld wat sy Maandagaand, 26 Maart, in Victoriastraat, oorkant die Landbougebou, verloor het. 'n Goeie beloning wag by Soete Inval 3, Victoriastraat (telefoon 3329).

## Met dapper en stapper om die akker

# CARNEGIE OOP OP SATERDAE

STUDENTEBELANGEKOMITEE

DIE Studentebelangekomitee berig dat die Vise-Rektor, prof. Mike de Vries, toegestem het dat die Carnegie-biblioteek voortaan Saterdae oop sal wees. Die huidige semesterstelsel het 'n studieplek Saterdae 'n noodsaaklike behoefte gemaak. Die biblioteek sal voortaan van twee weke voor die aanvang van die eksamen heeldag Saterdae en vakansiedae oop wees.

Die adjunk-universiteitsbibliotekaris, dr. P. Aucamp, is reeds geruime tyd besig met die ondersoek na 'n geskikte vyfsent-kleingeldmasjien. Die koste en onderhoudskoste van 'n slotmasjien is baie hoog. Kleingeld vir fotostaatmasjiene kan nie deur hoogsgekwalifiseerde en besoldigde personeel hanteer word nie.

Die Fakulteit van Opvoedkunde bied op Saterdag 28 April 'n seminaar aan vir eerstejaars by Die Laer, die Voortrekkerterrein in Uniepark.

Honderd-en-twintig studente sal op 'n pro rata-basis, uit die koshuise daarheen genooi word.

### KLAGKAS

Die Studentebelangekomitee kan die studente se saak effektief bevorder slegs as hulle kennis dra van die knelpunte. Klagtes en voorstelle moet asseblief in die klagkas in die LSS-loopgang gegooi word.

# HUIS MARAIS SEËVIER NET-NET IN BOKS



*'n Regter van P. Otto (Dagbreek) het pas vir A. van Helsdingen (Helshoogte) getref. Hierdie geveg was een van die opwindendstes tydens die interkoshuisboks. Otto het met punte gewen, maar Dagbreek en Helshoogte het gesamentlik derde geëindig.*

NA 'n opwindende gelykop stryd het Huis Marais daarin geslaag om die interkoshuis-bokstoernooi naelskraap te wen. Eendrag het met twee punte minder tweede geëindig met Dagbreek, Simonsberg en Helshoogte gesamentlik derde, ook met slegs twee punte verskil. Waar die boks dan nie altyd van topgehalte was nie, was daar genoeg opwinding om elkeen van die veertig gevegte die moeite werd te maak.

Hoewel elke geveg hootepunte opgelewer het, was sekeres tog interessanter. In die veergewigafdeling het D. Marais van Helshoogte vir 'n skitterende vertoning gesorg teen M. Griesel van Pieke. Marais het met linkers en regters in sy opponent se gesig geboer en gou was daar bloed te sien; iets wat die heelaand taamlik algemeen was. Met dié oorwinning het Marais die beker vir die beste bokser van die aand ingepalm.

**VERWOED**

Die liggewiggeveg tussen F. Bischoff van Helderberg en L. Pepler van Simonsberg was aanskoulik. Die manne het van die begin af verwoed ingeklim. Na 'n baie gelykop geveg waarin harde houe gewissel is, is Bischoff as die wenner aangewys. 'n Verdere kenmerk van die boks was die geweldige tempo waarteen Eendrag se boksers hul gevegte begin het. Die geveg waarin A. Sebesteny van Libertas onverwags vir W. van Wyk van Eendrag geklop het, was geen uitsondering nie. Sebesteny was gedurig op die verdediging.

In die weltergewigafdeling het P. Otto van Dagbreek vir 'n skitterende vertoning gesorg deur van A. van Helsdingen van Helshoogte te klop. Otto het uit die staanspoor aangeval en met 'n paar goeie regters punte aangeteken. Van Helsdingen het in die laaste rondte goed teruggeveg. Otto se aggressiwiteit het baie in sy guns getel.

**GELYKOP**

Op een stadium het die spanning hoog geloop met ses koshuise gelyk op punte. Die toeskouers het hul boksers geesdriftig aangemoedig. Hulle moes egter tot die negentiende geveg wag vir die eerste uitklophou waarin J. Carinus van Eendrag sy geveg teen H. Enslin van Helderberg met 'n uitklophou in die eerste rondte gewen het.

Die beste geveg van die aand was waarskynlik dié tussen A. Wessels van Huis Marais en D. Lillianfeld van Helshoogte. Die wenner van die geveg sou die nuwe voorloper bepaal. Wessels het met 'n warrelwind-aanval begin en vir Lillianfeld met regters en linkers in die gesig getref. In die tweede rondte het Lillianfeld goed teruggeveg na die geweldige straf wat hy moes verduur. Hy word egter in die laaste rondte platgeslaan en Wessels beklink 'n uitstekende geveg.

**GEDISKWALIFISEER**

In die middelgewigafdeling was daar drama toe A. Alberts van Dagbreek vir F. Lötter van Huis Marais platgeslaan het, maar gediskwalifiseer is, waarskynlik a.g.v. 'n laat hou. Dit kos Dagbreek dan ook sy kans om te wen. 'n Ander bokser wat vermelding verdien, was Du Toit van Pieke wat sy teenstander met berekende boks geklop het. Die gevegte in die swaargewigafdeling was oor die algemeen minder opwindend.



*A. Louw van Libertas kyk beangs na Inus Marais (Eendrag) wat met sy linker die uitklophou wil plant. Marais het uiteindelik met punte gewen.*

# MATIES KRAAI KONING IN KRIEKET

DIE Maties se eerste krieketspan het vanjaar 'n ideaal verwesenlik deur vir die eerste keer in agt seisoene die eerste liga te wen en die Markhamsbeker Stellenbosch toe te bring.

Die afgelope aantal jare is die Matiespan maar net as nog een van die sterker spanne in dié kompetisie beskou, maar dit was net nooit moontlik om die pyp te rook nie. Hierdie toedrag van sake kon homself so maklik vanjaar weer herhaal het, maar André Odendaal en sy manne het 'n stok daarvoor gesteek.

**POSITIEF**

Die 1978/79-seisoen is sonder Peter Kirsten en Garth le Roux aangepak en geeneen sou die span verkwalik het indien hulle ietwat mistroostig was oor hul kanse nie. Die span se geesdrif en toegewydheid was egter van meet af aan kenmerkend en dit was duidelik dat hulle elke wedstryd positief benader.

Hierdie positiewe ingesteldheid was sigbaar in die grond- en vangveldwerk wat van hoogstaande gehalte was. Die boulers het hierdie ondersteuning deeglik benut en het deurgaans aanvallend en akkuraat geboul.

Pienaar Anker, Adriaan Kuiper en veral Danie du Toit moet erkenning kry vir hul puik boulwerk. Danie het dan ook hoër louere ingeoes deur die WP B-span te haal en dit is duidelik dat hierdie onderskatte bouler sy stem nog gaan dik maak in WP-krieket.

Wat die kolfwerk betref, kan die WP-span gerus 'n blaadjie uit die Maties se kolfdagboek neem. Alhoewel die kolfwerk altyd aanvallend en aggressief was, was dit nooit wild nie. Sodoende het Eugene Schutte-Muntingh, Green, Lindsay Reid-Ross, Kuiper en André Odendaal gereeld 'n goeie basis daargestel wat die latere kolwers in staat gestel het om sonder druk die lopies te jaag vir bonuspunte.

**SUKSESVERHAAL**

Die krieketklub se suksesverhaal eindig natuurlik nie by die Markhamsbeker nie. Hulle het in die universitêre krieket-toernooi kort op Wits en Ikeys se hakke geëindig en dit later opgevolg met 'n derde plek in die eendaagse Proteabeker-kompetisie in die WP. Hierbenewens het die tweede en vierde span albei eerste in hul ligas geëindig, terwyl die derde span 'n tweede plek ingeneem het.

Eddie Barlow sal voortaan permanent by die klub wees en gaan hom veral toespits op die ontwikkeling van jong spelers. Daar word byvoorbeeld al klaar hierdie winter 'n program aangebied waarin wetenskaplike oefeninge onder sy toesig gedoen word.

Eddie se teenwoordigheid het in die afgelope twee wedstryde al klaar baie vir die span beteken. Hierdie krieketreus gaan met sy besielende geesdrif en leiding nie net die klub in 'n baie sterk posisie plaas nie, maar ook vir homself naam maak as Stellenbosch se Danie Craven van krieket.



*Hennie Steenkamp, skrumskakel van Pieke, ontvang die bal van sy voorspelers wat pragtig toemaak. Pieke het verras deur die houers van die Sauer-beker, Wilgenhof, met 20 – 6 te klop.*

# GHOLF BEGIN OP HOË NOOT

DIE jaarlikse Bolandliga-wedstryde om die gesogte Krugerbeker het op Saterdag 3 Maart in die Paarl begin. Die Maties het die afgelope twee jaar die kompetisie oorheers en met spelers soos Peter Todt, Martin Louw, Giles Webb en Wilhelm de Kock het hulle daarin geslaag om die beker in 1977 en 1978 te wen.

Vanjaar sal die Maties met 'n nuwe en redelik onervare span in die liga deelneem. Martin Louw, gewese Junior Springbok en WP O/23-speler, het sy studies laat vaar, terwyl Wilhelm de Kock verlede jaar sy studies voltooi het en nou in die Oos-Kaap werksaam is. Onder die eerstejaars is daar vanjaar egter baie talentvolle spelers wat die leemtes goed behoort te vul.

In die Paarl-wedstryd het die Matiespan bestaan uit D. Botha, C. Bergh, P. Krogh, E. Pretorius, S. van Deventer en W. Deyzel. Die manne het baie goed van hul taak gekwyt en met Saldanha afgereken met 4½ wedstryde teenoor 1½.

**INTERKOSHUIS**

Die interkoshuisgholfkompetisie het vanjaar goed begin met die Stellenbosse Boerewynmakery as borg. Die kompetisie het verlede jaar met groot belangstelling begin, maar die wedstryde op Vrydagmiddae is in die wiele gery deur koshuisrugby-finale wat tegelykertyd plaasgevind het. Vanjaar word die kompetisie afgehandel voordat die koshuisrugby op dreef kom.

**KELLERPRINZ**

Die Kellerprinz-kompetisie word oor 18 putjies op 'n voorgee-basis beslis. Elke span bestaan uit 4 spelers en wedstryde word op 'n individuele putjiespel-grondslag gespeel. Baie strawwe mededinging kan tussen die koshuise verwag word. Die Universiteit beskik vanjaar weer oor 'n aantal goeie spelers. Feitlik al die lede wat vir die Matiespan in die Boland-Krugerliga speel, verteenwoordig hul koshuise in die kompetisie.

Die Kellerprinz-kompetisie sal voor die April-vakansie afgehandel word en sal afgesluit word met 'n gesellige vleisbraai wat deur die SBW aangebied word.


Wynkenners kies
Witzenberg
-ware wyn van die land
Witzenberg
LANDKEUR
KEURIGE ROOIWYN
CHOICE DRY RED WINE
Witzenberg
LANDKEUR
STEIN SELECT
HALFSOET WITWYN
Waar wyn 'n leefwyse is, is Witzenberg
die keuse. 'n Wye reeks van natuurlike, eerlike
landwyne – geurig vir die neus, vrugtig
op die tong, suiwer genot uit die wingerdstok.
Kennerswyn vir aldag se skink.
Teen 'n prys waarop elkeen kan klink.
Die manjifieke Witzenberg-reeks
Droë Wit · Perlé Rosé · Perlé · Keurige Rooiwyn · Stein Select · Edelgoud Late Harvest
NOU OOK IN DIE SIERLIKE 2-LITER MAKSI-KRUIK

# DOK SE MATIES TROEF TUKKIES: 16-3

*Laatloop*

ARI OBERHOLZER

JAN Boland Coetzee en sy Matie-span het Saterdag selfs sy getrouste ondersteuners verras deur die gedugte Tukkie-span oortuigend te klop. Maar die dag het eintlik aan Dok Craven behoort, en Matieland het saam met hom gejuig. Die inwyding van die Danie Craven-stadion, wat deur ongeveer 18 000 toeskouers bygewoon is, was inderdaad 'n glansgeleentheid, en dit was nie sonder rede dat die Staatspresident, mnr. B.J. Vorster, in sy openingstoespraak voorspel het dat die Maties sou wen nie. Die Matie-agttal het verbasend maklik met die Tukkie-voorhoede afgereken en die sege moet hieraan toegeskryf word. Die agterlyn het self die goeie balbesit benut en toeskouers gereeld op hul voete gehad. Dit was 'n welverdiende oorwinning en 'n geleentheid wat lank onthou sal word deur beide Tukkies en Maties.

Die wedstryd het vir die Maties nie goed begin nie, want in die eerste minuut teken Naas Botha punte aan met 'n skepskop van 30 meter. Maar vier minute later is dit Robbie Blair se beurt om punte aan te teken nadat Tukkies gestraf word vir 'n oortreding in die los. In die agtste minuut skop Blair diep in Tukkie-gebied in waar Edwards optel en poog om die Maties weer terug te jaag. Sy skop haal nie die kantlyn nie en Christo Nel hardloop skuins oor die veld. Hy voer vir Gys van Schoor wat binnekant toe sny en die Tukkie kruisverdediging op verkeerde voet vang en die bal net links van die pale gaan druk. Blair kan nie die maklike skop oorskop nie en rustyd loop die Maties 7—3 voor. In die agt-en-twintigste minuut van die tweede helfte ... sprong met 'n strafskop. **En toe, in die doodsnikke van die wedstryd, kom die opwindende drie van Nel. Die Tukkies kon nie die losbal beheer nie, en van Blommenstein tel dit op en laat loop na Christo Nel. Hy het tussen Tjokkie van der Merwe en Darius Botha deurgesny en sy ou spanmaat, Bernard Pienaar, op die naat van sy rug laat lê. Nel het sowat 60 meter vir sy drie genael.**

### BEKKER

**Die Matie-voorspelers het deurgaans oorheers. Boland Coetzee, hoewel 'n raps stadiger as verlede jaar, het skitterend daarin geslaag om die losbal vas te maak. Tollie Oosthuizen was dan altyd by om die bal terug te voer. Met Rob Louw om die losballe te jaag was dié drie net een te veel vir die Tukkie-lostrio.**

Die man van die wedstryd was ongetwyfeld Hennie Bekker. Hy het nie minder as 20 skoon lynstaanballe vir die agterlyn gegee nie. Die arme Tukkies het net geen antwoord gehad nie. Was dit nie vir 'n aangee van Boland Coetzee wat hy laat val het nie,. het Bekker 'n foutlose wedstryd gehad. Hy het vir Chris Faure en die onervare Hennie Bekker totaal oorskadu.

### ROB LOUW

**Rob Louw het ook 'n puik wedstryd gehad. Hy was altyd gevaarlik wanneer daar 'n losbal rondgelê het en het by geleenthede ente veld gewen met sy dryfspel. Naas Botha kon nooit behoorlik op stryk kom nie omdat Louw hom alewig lastig geval het. Die Tukkie-agterlyn kon gevolglik nooit hul natuurlike ritme vind nie en was deurgaans op hulle hakke.**

### CHRISTO NEL

Reeds ... helfte het dit duidelik geword dat die gevreesde Tukkie-skrum nie die mas gaan opkom teen die Maroentruie nie. Flip van der Merwe het Daan du Plessis heeltemal ontwrig sodat die skrum nooit stil kon staan nie. Met die goeie balle wat die agterlyn gekry het, kon Gys van Schoor baljaar en die Tukkies moes verdedig vir al wat hulle werd was.

### HEELAGTER

**Christo Nel het vir Edwards oorskadu. Dit was van die opwindendste heelagterspel wat in 'n lang tyd op Stellenbosch gesien is. Sy drie was 'n meesterstuk en niemand sal stry dat hy dit nié verdien het nie.**

Teen die einde was daar net een span op die veld, en Dok Craven moes tevrede gewees het toe dr. Tinkie Heyns die endfluitjie geblaas het. Dit was meesterlik gekontroleerde spel met die nodige deursettingsvermoë.



*Wynand Claasen wend 'n vergeefse poging aan om Martyn van Blommenstein te stuit, en die bal word vanuit 'n losskrum deur die Matie-voorspelers bemeester. Selfs die gedugte pak voorspelers van Tukkies kon nie daarin slaag om die Maties te keer nie. Die skeidsregter is dr. Tinkie Heyns. Die Maties het die Tukkies oortuigend met 16—3 geklop.*

## op die kantlyn

ARI OBERHOLZER

ALLE Maties wens dr. Danie Craven van harte geluk met die amptelike inwyding van die D.H. Craven-stadion. Dit is gepas dat dié pragveld sy naam dra, en dat sy bydrae tot Suid-Afrikaanse en Stellenbosse rugby op hierdie wyse erken word. Geluk ook aan die spanne wat sulke goeie oorwinnings behaal het. Dit hoort mos so dat die Maties al die wedstryde gewen het. Dit was immers hulle dag.

Daar is diepte in Matie-rugby. Dit het die onder 20-span Saterdag bewys toe hulle die sterk Weermag-span oortuigend met 32—4 geklop het. Die twee flanke, F. van Zyl en Colin Woodcock het geskitter. Woodcock het 'n hoë werkverrigting en as hy sy spoed kan vermeerder gaan hy nog in groot geselskap speel. Onder die agterspelers het losskakel Beck en senter J. Hill beïndruk. Hill is 'n Robert Bolus op sy beste. Ook heelagter Symington het stewig vertoon en 'n pragdrie gedruk nadat hy by die agterlyn aangesluit het. Vleuel H. Hanekom het drie keer gedruk en het gewys dat hy oor vaart en krag beskik. Daar word groot dinge verwag van dié span in die komende seisoen.

### TENNIS

**Die Matie-tennisspan het in die 1978-seisoen uitstekend gevaar. Die mansspanne het beide die 1ste en 2de ligas gewen, en die Victoriane (2de span) en die 2B (4de span) het albei vierde geëindig in die Westelike Provinsie-Eerste en Tweede Ligas onderskeidelik. Die damesspan kon verlede jaar egter nie dieselfde prestasies as die mans behaal nie. Die 1ste span het tweede in die WP-Liga geëindig, Victoriane 3de en 2A en 2B tweede en derde onderskeidelik.**

Die mans- en dames-spanne wat aan die SAU-kampioenskappe in Pretoria deelgeneem het, het hul goed van hul taak gekwyt. Die mans het die SAU-beker ingepalm terwyl die dames derde geëindig het.

### 7's TOERNOOI

**Die jaarlikse rugby-sewes-toernooi is voorverlede Saterdag gehou. Sterk spanne soos Wilgenhof het verbasend swak gevaar en op die ou end het die kleiner koshuise geseëvier. Die volledige uitslae onder wedstryde gespeel, wedstryde gewen, wedstryde gelykop, wedstryde verloor, aantal drieë en punte is as volg:**

**AFDELING A**

| | W | W | G | V | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Wilgenhof | 6 | 3 | 2 | 1 | 8 | 8 |
| Elsenburg | 6 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 |
| Helderberg | 6 | 4 | 1 | 1 | 13 | 9 |
| Pieke | 6 | 1 | 0 | 5 | 5 | 2 |
| Eendrag | 6 | 2 | 0 | 4 | 4 | 4 |
| Simonsberg | 6 | 4 | 1 | 1 | 13 | 9 |
| Mabré | 6 | 5 | 0 | 1 | 13 | 10 |

**AFDELING B**

| | W | W | G | V | D | P |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Oude Molen | 6 | 3 | 0 | 3 | 10 | 6 |
| Visser | 6 | 0 | 0 | 6 | 0 | 0 |
| Medies | 6 | 5 | 0 | 1 | 13 | 10 |
| Marais | 6 | 3 | 0 | 3 | 10 | 6 |
| Dagbreek | 6 | 3 | 0 | 3 | 10 | 6 |
| Libertas | 6 | 6 | 0 | 0 | 12 | 12 |

Mabré klop vir Libertas in die finaal met 38—10.



*Boland Coetzee (op die grond) gee die bal uit aan Martyn van Blommenstein (no. 9) terwyl Tollie Oosthuizen en Rob Louw (no. 8) hand by sit. Heel links is Hennie Bekker wat 'n reuse-aandeel in die Maties se oorwinning gehad het.*

ON-THE-SPOT
DROOGSKOONMAKERS
H/v Andringa- en Kerkstraat
20% AFSLAG VIR US SE MENSE
Probeer ons Selfdien Muntstuk Wassery